Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	—	—	6%	31%	3%	—	6%	—	14%	—	46%	—	—	—
1965: Getal aanmeldings.....	10	10	64	47	2	1	1	0	7	1	12	5	96	64
Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	12.5%	69%	1.8%	0.6%	5%	—	11%	—	4	4	22	3	90	65
1966: Getal aanmeldings.....	16	5	47	51	1	—	—	2	4	4	22	3	90	65
Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	13.5%	63.2%	0.6%	1.2%	5.1%	—	16.1%	—	—	—	—	—	—	—

NIEBLANKE GEVALLE — PLAASLIK EN INGEVOER

TABEL C1

	0-1		2-5		6-10		11-20		21-40		41 en ouer		Totaal	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
1959: Getal aanmeldings.....	10	8	49	62	25	21	34	50	158	106	132	47	408	284
Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	2%		14%		6%		13%		38%		36%			
1960: Getal aanmeldings.....	13	17	57	58	18	23	25	37	146	107	141	36	401	278
Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	5%		17%		6%		9%		37%		26%			
1961: Getal aanmeldings.....	28	18	83	97	33	44	43	44	183	138	167	49	537	390
Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	5%		19%		8%		9%		35%		24%			
1962: Getal aanmeldings.....	45	29	81	63	31	47	37	58	172	126	190	51	556	374
Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	8%		16%		8%		10%		32%		26%			
1963: Getal aanmeldings.....	26	34	54	70	24	26	31	55	190	120	155	38	480	343
Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	7%		15%		6%		10%		38%		24%			
1964: Getal aanmeldings.....	32	24	86	83	20	25	25	41	207	112	166	33	536	318
Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	8%		20%		3%		8%		37%		23%			
1965: Getal aanmeldings.....	61	63	109	160	22	36	21	45	181	80	171	32	565	416
Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	13%		27%		6%		9%		27%		21%			
1966: Getal aanmeldings.....	90	58	144	130	28	16	28	44	227	97	236	48	753	393
Persentasie van totale tuberkulose-aanmeldings.....	12.8%		23.8%		3.8%		6.2%		28.2%		24.7%			

SOORTE TUBERKULOSE:

Die verskillende vorms waarin die siekte gedurende die jaar voorgekom het, word in tabel D verstrek.

TABEL D

	Plaaslik			Ingevoer			
	Blankes	Nie-blankes	Totaal	Blankes	Nie-blankes	Totaal	Groot-totaal
Pulmonêre.....	30	670	700	5	88	93	793
Primêre kompleks.....	113	348	461	4	14	18	479
Miliêre.....	—	3	3	—	—	—	3
Adenitis.....	1	9	10	1	2	3	13
Bene en gewrigte.....	—	2	2	—	—	—	2
Meningitis.....	—	5	5	—	2	2	7
Mastitis.....	—	1	1	—	—	—	1
Perotinitis.....	—	2	2	—	—	—	2
Endometritis.....	—	—	—	1	—	1	1
TOTAAL.....	144	1,040	1,184	11	106	117	1,301

OORDE VAN AANMELDING:

Die oorde waarvandaan die siekte aangemeld is, word in die onderstaande tabel aangetoon. Soos in vorige jare word die meeste gevalle deur ons eie Tuberkuloseklinieke ontdek en aangemeld.

TABEL E

	Plaaslik		Ingevoer		
	Blankes	Nieblankes	Blankes	Nieblankes	Totaal
Tuberkuloseklinieke.....	132 (146)	571 (636)	7 (9)	35 (45)	745 (836)
H. F. Verwoerd-hospitaal.....	4 (3)	312 (202)	1 (—)	43 (37)	360 (242)
Afsonderingshospitaal.....	5 (1)	87 (100)	1 (1)	11 (14)	104 (116)
Private geneeshere.....	2 (4)	3 (6)	1 (—)	3 (—)	9 (10)
Weskoppies-hospitaal.....	— (—)	8 (2)	— (—)	3 (5)	11 (7)
Registrateur van Geboortes en Sterfgevälle.....	— (2)	37 (20)	— (1)	4 (1)	41 (24)
Ander oorde.....	1 (4)	7 (15)	1 (2)	4 (3)	13 (24)
Yskor.....	— (—)	7 (—)	— (—)	1 (—)	8 (—)
Militêre Hospitaal.....	— (—)	1 (—)	— (—)	— (—)	1 (—)
Sanatoria.....	— (—)	7 (—)	— (—)	2 (—)	9 (—)
TOTAAL.....	144 (160)	1,040 (981)	11 (13)	106 (105)	1,301 (1,259)

HOSPITALISASIE:

Die gevalle wat in sanatoriums opgeneem is, asook die verdeling onder verskillende hospitaal-inrigtings word in die volgende tabel weergegee:—

<i>Inrigting</i>	<i>Blankes</i>			<i>Nieblankes</i>			<i>Groot-totaal</i>
	<i>M</i>	<i>V</i>	<i>Totaal</i>	<i>M</i>	<i>V</i>	<i>Totaal</i>	
Knights-borshospitaal.....	—	—	—	66	52	118	118
S.A.N.T.A.-nederstelling, Pretoria....	—	—	—	159	79	238	238
Zonderwaterhospitaal.....	—	—	—	180	1	181	181
Rietfonteinhospitaal.....	14	3	17	28	8	36	53
Oos-Rand-borshospitaal.....	—	—	—	51	56	107	107
Oos-Rand-S.A.N.T.A.-nederstelling ..	—	—	—	66	31	97	97
Rose-borshospitaal.....	—	—	—	5	8	13	13
King George V-hospitaal.....	—	1	1	—	—	—	1
Nelspoortsanatorium.....	1	—	1	—	—	—	1
Charles Hurwitz-Santanederstelling...	—	—	—	1	—	1	1
	15	4	19	556	235	791	810

VERSPREIDING DEUR KONTAK:

Die volgende tabel toon die getal gevalle aan wat geskiedenis verskaf het dat hulle kontakte van bekende gevalle was of tuberkulose in hul families gehad het, of albei.

<i>Kontak met bekende gevalle</i>	<i>Familiaal oorgedra</i>	<i>Deur kontak en familiaal oorgedra</i>	<i>Totaal</i>
12 (31)	354 (330)	1(—)	367 (361)

TABEL F
STERFTESYFER 1966 (OU EN NUWE GEVALLE)

Ras	Geslag	Plaaslike gevalle		Ingevoerde gevalle		Plaaslike en ingevoerde gevalle	
		Pulmonêre Tuberkulose	Ander soorte	Pulmonêre Tuberkulose	Ander soorte	Pulmonêre Tuberkulose	Ander soorte
Blankes.....	M	3	—	—	—	3	—
	V	1	—	—	—	1	—
TOTAAL.....		4	—	—	—	4	—
Kleurlinge.....	M	2	—	—	—	2	—
	V	1	—	—	—	1	—
TOTAAL.....		3	—	—	—	3	—
Asiate.....	M	2	—	—	—	2	—
	V	—	—	—	—	—	—
TOTAAL.....		2	—	—	—	2	—
Bantoes.....	M	83	6	4	3	87	9
	V	27	2	9	—	36	2
TOTAAL.....		110	8	13	3	123	11
Alle Nieblankes.....	M	87	6	4	3	89	9
	V	28	2	9	—	37	2
TOTAAL.....		115	8	13	3	126	11
Alle Rasse.....	M	90	6	4	3	94	9
	V	29	2	9	—	38	2
TOTAAL.....		119	8	13	3	132	11

STERFTES BY OUDERDOMSGROEPE

Die volgende tabel toon sterftes van pulmonêre tuberkulose in die verskillende ouderdomsgroepe aan

Ouderdom	0—1		1—5		6—10		11—15		16—20		21—30		31—40		41—50		50 en ouer		TOTAAL
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	
Geslag...	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Blankes...	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Nieblankes	7	4	9	5	3	1	1	—	2	5	10	6	18	2	19	6	20	8	89
TOTAAL	7	4	9	5	3	1	1	—	2	5	10	6	18	2	19	7	23	8	92

Sterftes aan ander soorte tuberkulose en sterftes by tuberkuloselyers wat aan ander oorsake oorlede is, word in die volgende tabel aangedui:

	<i>Blankes</i>		<i>Nieblankes</i>		<i>Totaal</i>
	<i>M</i>	<i>V</i>	<i>M</i>	<i>V</i>	
Miliêre tuberkulose.....	—	—	1	—	1
Tuberkuloseuse meningitis.....	—	—	2	1	3
Tuberkuloseuse primêre kompleks.....	—	—	4	2	6
Peritonitis.....	—	—	1	—	1
Longkanker.....	1	1	—	—	2
Hartkwaal.....	1	—	—	—	1
	2	1	8	3	14

Die stadiums waarin dood voorgekom het by tuberkulosegevalle wat gedurende die jaar aange meld en oorlede is, is soos volg:—

	<i>Blankes</i>		<i>Nieblankes</i>		<i>Totaal</i>
	<i>M</i>	<i>V</i>	<i>M</i>	<i>V</i>	
Sterftes voor aanmelding.....	— (5)	— (1)	27 (21)	19 (10)	46 (37)
Oorlede binne 1 maand vanaf aanmelding..	1 (—)	— (—)	29 (29)	6 (8)	36 (37)
Oorlede binne 1–3 maande vanaf aanmel ding.....	— (—)	— (1)	4 (4)	3 (1)	7 (6)
Oorlede binne 3–6 maande vanaf aanmel ding.....	— (—)	— (—)	6 (7)	— (—)	6 (7)
Oorlede binne 6–12 maande vanaf aanmel ding.....	— (—)	— (—)	1 (2)	— (—)	1 (2)
TOTAAL.....	1 (5)	— (2)	67 (63)	28 (19)	96 (89)

KLINIEK- EN X-STRAALDIENSTE

I. KLINIEKBYWONING:

	<i>Getal pasiënte onder beheer</i>	<i>Getal wat daaglikse inspui tings ontvang</i>	<i>Getal wat pille neem</i>	<i>Getal wat ongereeld bywoon</i>
Blankekliniek.....	654	7	134	30
Atteridgeville.....	2,746	76	345	50
Mamelodi.....	1,984	93	566	54
Kampong.....	1,304	77	252	52
Eersterust.....	131	9	35	2
Laudium.....	34	—	7	—
Parkmore.....	144	—	37	15
Lady Selborne.....	507	28	99	27
TOTAAL.....	7,526	290	1,477	230

Die verskillende klinieke beheer dus altesaam 7,526 pasiënte van wie 290 daaglik kom vir inspuitings en 1,477 net op pille is wat weekliks aan hulle uitgedeel word. Slegs 230 pasiënte kom on gereeld vir behandeling, dit wil sê ongeveer 20%. In 1963 het 77% van die pasiënte hulle ongereeld vir behandeling aangemeld en dit was alleen deur die toepassing van *verpligte* daaglikse behandeling in ernstige gevalle en die streng kontrole van pasiënte wat slegs pille neem, dat die bywoningsyfer aan sienlik verbeter het. 'n Verklaring vir die huidige ongereelde bywoning is die feit dat baie pasiënte in Atteridgeville en Mamelodi sover as 3 myl moet stap om by die kliniek te kom. Hierdie ongewenste toestand van sake sal egter binnekort opgelos word deur die opening van klinieke te Saulsville en Mamelodi-Oos.

II. X-STRAALDIENSTE:

Altesaam 56,213 X-straalfoto's is vanjaar deur die mobiele X-straaleenheid geneem. (Die getal verteenwoordig 'n toename van 15,474 X-straalfoto's bo die syfer vir 1965.)

1. Blankes:	
(a) Kontakte, verdagte gevalle en besighede.....	6,460
(b) Blanketeringkliniek.....	1,119
2. Nieblankes:	
(a) Munisipale werknemers.....	2,958
(b) Toestromingsbeheer (vanaf September 1966).....	5,918
(c) Nieblankeklinieke (gevalle, kontakte, ens.).....	16,065
(d) Kontakte, verdagte gevalle, besighede.....	13,688
(e) Yskor.....	8,755
(f) Koedoespoortwerkwinkels.....	1,250
	56,213

Onderstaande tabelle gee 'n uiteensetting van die X-strale geneem by die verskillende klinieke van gevalle, kontakte en verdagte gevalle en die bevindings:—

1. Gevalle:

(a) Nuwe gevalle:

Hieronder verstaan ons bekende gevalle wat van ander klinieke of van hospitale na ons verwys word en van wie vir die eerste maal by ons X-straalfoto's geneem word, asook kinders onder die ouderdom van 5 jaar wat 'n graad III- of IV-reaksie op die Heaftoets toon en volgens wet as gevalle van longtuberkulose beskou moet word.

	Bekende gevalle eerste maal by ons aangemeld	0-5 jr.; Heaf: Graad III- of IV-positief	
		Normaal	Patologie teenwoordig
Blankes.....	4	136	3
Atteridgeville.....	99	83	17
Mamelodi.....	23	127	16
Kampong.....	75	34	39
Eersterust.....	1	4	4
Laudium.....	1	5	1
Parkmore.....	2	—	—
Lady Selborne.....	14	21	5
TOTAAL.....	219	410	85

(b) Ou gevalle:

Kontrolefoto's word van alle gevalle van longtuberkulose elke 3 of 6 maande geneem om vas te stel of die siektebeeld verbeter, versleg of nog staties is.

	Normaal	Verbeter	Staties	Versleg
Blankes.....	69	18	256	7
Atteridgeville.....	556	149	801	69
Mamelodi.....	605	134	837	77
Kampong.....	270	140	979	79
Eersterust.....	6	—	4	2
Laudium.....	2	—	1	—
Parkmore.....	23	11	68	5
Lady Selborne.....	75	90	286	18
TOTAAL.....	1,606	542	3,232	257

2. Kontakte:

Sodra 'n geval van longtuberkulose ontdek word, word die kontakte opgespoor en ondersoek. Dit is ons beleid om van alle Blankekontakte na 3 maande en dan weer na 6 maande en van alle Nieblankekontakte elke 6 maande X-straalfoto's te neem. Dit is lonend om te vis in troebel waters — ongeveer 13% van die kontakte van wie X-straalfoto's vanjaar geneem is, het longtuberkulose gehad.

	Nuwes			Oues		
	Normaal	Geval	Verdag	Normaal	Geval	Verdag
Blankes.....	315	1	12	223	—	9
Atteridgeville.....	1,521	34	107	4,149	26	111
Mamelodi.....	1,368	33	51	1,154	14	42
Kampong.....	405	16	23	228	8	16
Eersterust.....	15	—	4	20	1	6
Laudium.....	13	—	1	8	—	2
Parkmore.....	82	—	—	102	—	—
Lady Selborne.....	291	8	16	249	—	18
TOTAAL.....	4,010	92	214	6,133	49	204

3. Verdagtes:

	Nuwes			Oues			
	Normaal	Geval	Verdag	Normaal	Geval	Bly verdag	Versleg
Blankes.....	13	—	7	36	—	2	8
Atteridgeville.....	316	35	49	199	2	109	2
Mamelodi.....	203	40	13	26	—	9	—
Kampong.....	356	168	75	125	8	180	17
Eersterust.....	103	—	7	4	—	1	—
Laudium.....	—	—	21	7	—	4	—
Parkmore.....	16	4	—	6	—	—	—
Lady Selborne.....	28	2	7	11	—	4	—
TOTAAL.....	1,235	249	179	414	10	309	27

III. Sputums:

Altesaam 767 sputums is van Blankes en 8,495 van Nieblankes gestuur vir mikroskopiese ondersoek. Die resultate was soos volg:

	<i>Totaal</i>	<i>Negatief</i>	<i>Positief</i>	<i>Negatief na Positief</i>	<i>Positief na Negatief</i>	<i>Hardnekkig</i>
Blankes.....	767	61	706	10	10	2
Atteridgeville.....	3,012	217	2,795	76	12	6
Mamelodi.....	1,473	170	1,303	10	22	5
Kampong.....	3,134	98	3,036	69	46	3
Eersterust.....	44	1	43	—	—	—
Laudium.....	6	6	—	—	—	—
Parkmore.....	141	18	123	4	2	—
Lady Selborne.....	685	94	591	20	17	—
TOTAAL.....	9,262	665	8,597	189	109	16

IV. Heaftoetse:

Ingevolge die besluit van die Staatsgesondheidsdepartement, word slegs dié kinders onder die ouderdom van 5 jaar wat 'n graad III- of IV-Heafreaksie toon as gevalle van longtuberkulose beskou. Dit is egter ons beleid om ook van die graad I- en II-Heafreageerders X-straalfoto's te neem en daarna weer na 6 maande. Waar 'n kind onder 5 jaar voorheen B.C.G. gehad het en 'n graad I- of II-reaksie toon, word geen X-straalfoto's geneem nie; 'n graad III- of IV-reaksie in 'n kind wat voorheen B.C.G. gehad het, word wel as 'n geval aanvaar.

Ons gebruik verder nog die Heaftoets tydens X-straalveldtogte onder skoolkinders. Die hoofrede hiervoor is om koste te verminder, aangesien daar nie van negatiewe reageerders X-straalfoto's geneem word nie. Van die Blanke skoolkinders tussen die ouderdomme van 5-15 jaar het ongeveer 30% positief gereageer en van die Nieblankes ongeveer 50%.

Altesaam 24,571 Heaftoetse is vanjaar gedoen en onderstaande tabel toon die bevindings aan:

	<i>Totaal</i>	<i>Positief</i>	<i>Negatief</i>
0-5 jaar: Blank.....	1,131	159	459
Nieblank.....	5,092	294	3,964
5-10 jaar: Blank.....	199	43	156
Nieblank.....	5,867	2,972	2,914
10-15 jaar: Blank.....	179	72	107
Nieblank.....	6,502	4,145	2,686
15-20 jaar: Blank.....	—	—	—
Nieblank.....	4,425	1,838	1,080
20 jaar en ouer: Nieblank.....	68	56	10
TOTAAL.....	24,571	9,579	11,376

V. B.C.G.-toediening:

In onderstaande tabel word uiteengesit aan watter groepe B.C.G. toegedien is. Om tegniese redes was ons nie in staat om meer skoolkinders by skole te behandel nie, maar dit is ons doel om volgende jaar intensiewer X-straal- en B.C.G.-veldtogte by skole te onderneem.

(a) Aan gevalle: Blank.....	103
Nieblank.....	393
(b) Aan kontakgevalle: Blank.....	457
Nieblank.....	4,153
(c) Aan verdagte gevalle: Blank.....	33
Nieblank.....	410
(d) Normale persone: Blank.....	8,276 (hiervan 4,180 by besighede)
Nieblank.....	17,924 (hiervan 3,539 by besighede)
(e) Skoolkinders: Blank.....	439
Nieblank.....	9,592
(f) Pasgeborenes: Blank.....	1,787
Nieblank.....	5,891
TOTAAL.....	55,349

VI. Huisbesoeke:

1. Blank: Klinieksuster.....	850
2. Nieblank: (a) Klinieksuster.....	827
(b) Nieblanke verpleegster.....	3,373
(c) Munisipale konstabels.....	6,593
TOTAAL.....	11,643

Die suster in bevel van die Blankekliniek gee daaglik inspuitings aan pasiënte wat nie in staat is om die kliniek by te woon nie. Dit is 'n besparing vir die Stadsraad aangesien hospitalisasie van sulke pasiënte aansienlik meer kos as die uitgawes verbode aan tydelike tuisbehandeling.

Huisbesoeke in die Bantoewoongebiede word behartig deur Bantoeverpleegsters en hulle word in hulle taak bygestaan deur munisipale konstabels.

In die Indiër- en Kleurlingwoongebiede (Laudium en Eersterust onderskeidelik) word huis-tot-huis-besoeke deur die Blanke suster self gedoen. Die doel is om 'n volledige register van elke huis-gesin op te stel en toe te sien dat elke lid van die gesin vir die teenwoordigheid van longtuberkulose ondersoek word.

VII. Rantsoene en ander hulp:

Slegs twee Blanke pasiënte ontvang munisipale rantsoene.

Nieblank:

	Munisipale rantsoene	SANTA- pakkies
Aantal pasiënte.....	5,232	490
Aantal afhanklikes.....	77	393
	<u>5,309</u>	<u>883</u>

Rantsoene word, onder andere, aan elke pasiënt gegee wat verplig is om daaglik vir inspuitings te kom en wat nie mag werk nie. Indien die pasiënt nie vir inspuitings kom nie, word geen rantsoene uitgedeel nie.

Alle primêre kompleksgevalle wat behandeling ontvang, ontvang 7 bottels melk (sterovita) per week.

Hulp in die vorm van S.A.N.T.A.-pakkies word aan hulpbehoewende gesinne waar die broodwinner in 'n hospitaal opgeneem is, gegee.

Die Stadsraad het onderneem om enige Bantoe in sy diens, wat longtuberkulose opdoen, in diens te hou totdat die pasiënt weer geskik is om te werk, sonder inagneming van die duur van behandeling.

Die Stadsraad betaal verder die huishuur van pasiënte wat in hospitale opgeneem word en wat in een van die stad se Bantoewoongebiede 'n huiseienaar is. Die hulp word gestaak een maand nadat die pasiënt weer begin werk.

Verder word gepoog om werkgewers te oortreed om hulle werknemers, wat verplig is om hospitalisasie te ondergaan, weer in diens te neem sodra hulle geskik is vir werk; in dié verband word uitstekende samewerking verkry.

VIII. Nuwe Klinieke:

Die Afdeling Nieblankesake van die Stadsraad het goedgegunstig vier persele aan ons beskikbaar gestel om gebruik te word as tydelike tuberkuloseklinieke in Laudium, Eersterust, Saulsville en Mamelodi-Oos.

Daar is alreeds 'n begin gemaak met aktiewe kliniekwerk te Laudium en Eersterust en onderstaande getalle is 'n aanduiding van die werk wat alreeds gedoen is:—

1. Eersterust:

(a) Getal pasiënte onder beheer.....	131
(b) Getal pasiënte op inspuitings.....	9
(c) Getal pasiënte op pille.....	35
(d) Getal X-straalfoto's geneem (November-Desember).....	195
(e) Getal huisbesoeke.....	206 (oor 3 maande)
(f) Getal Heaftoetse.....	141 (oor 3 maande)
(g) Getal B.C.G.-inëntings.....	212

2. Laudium:

(a) Getal pasiënte onder beheer.....	36
(b) Getal pasiënte op inspuitings.....	—
(c) Getal pasiënte op pille.....	9
(d) Getal X-straalfoto's geneem.....	180 (drie maande)
(e) Getal huisbesoeke.....	195
(f) Getal Heaftoetse.....	133
(g) Getal B.C.G.-inëntings.....	228

Kliniekwerk te Saulsville en Mamelodi-Oos sal waarskynlik in Februarie 1967 'n aanvang neem; weens vertraging in die verkryging van meubels en apparaat kon daar nog nie 'n begin met die noodsaaklike dienste gemaak word nie. Die twee woongebiede is elk ongeveer 3 myl van Mamelodi-Wes en Atteridgeville onderskeidelik. Die gevolg is dat pasiënte baie ver moet stap vir behandeling (sommige elke dag). In baie gevalle is die vermoënis nadelig vir die pasiënt; verder is die kontrole van kontakte, gevalle en verdagtes moeilik in die afgeleë woongebiede en kan tuisbesoeke nie bevredigend uitgevoer word nie.

IX. Toestromingsbeheer:

Gedurende September 1966 is daar 'n begin gemaak met die neem van X-straalfoto's van voornemende Bantowerknemers by die Toestromingsbeheerkantore met die X-straaleenheid wat deur die Afdeling Nieblankesake van die Stadsraad aangeskaf is.

Daar is vanaf September 1966 5,918 X-straalfoto's geneem (slegs voormiddag) en 37 gevalle van longtuberkulose en 204 verdagte gevalle is ontdek.

Volgende jaar sal 'n begin gemaak word om huisvrouens uit te nooi om hulle bediendes te stuur vir X-straalondersoek van die longe en toediening van B.C.G.-entstof.

X-straalfoto's sal volgende jaar ook in die middag geneem word.

STERFGEVALLE:

Die volgende tabel toon die getal sterftes onder tuberkulosepasiënte gedurende die jaar.

	Blankes	Nieblankes	Totaal
Gevalle wat gedurende 1966 aangemeld en gedurende 1966 oorlede is.....	1 (6)	95 (83)	96 (89)
Gevalle wat voor 1966 aangemeld is maar gedurende 1966 oorlede is.....	3 (3)	44 (48)	47 (51)
	4 (9)	139 (131)	143 (140)

Die sterftesyfer by die verskillende rasse en geslagte word in tabel F aangetoon.

HOSPITAAL VIR AANSTEEKLIKE SIEKTES

Hierdie hospitaal, 'n inrigting met 90 beddens, behoort aan die Stadsraad van Pretoria en is geleë op die terrein van die H. F. Verwoerd-hospitaal.

Die sale vir Blankes, wat heeltemal van die Nieblanke-afdeling geskei is, kan 50 pasiënte huisves, terwyl die sale vir Nieblankes 40 beddens bevat. Daar is nie afsonderlike huisvesting vir Asië- of Kleurlingpasiënte nie, maar waar moontlik word hulle in private, enkel- of tweebedsale verpleeg.

Die personeel van die Nieblanke-afdeling bestaan uitsluitlik uit Bantoeverpleegsters behalwe dat daar nou en dan Indiër- of Kleurlingverpleegsters is wat opleiding in die H. F. Verwoerd-hospitaal ontvang.

GELDELIKE REËLINGS:

Die H. F. Verwoerd-hospitaal voorsien al die verplegingspersoneel, aptekersbenodigdhede, X-straalgeriewe, rantsoene, linne en wasgeriewe, stoom, lig en water, asook sekere gespesifiseerde koste van onderhoud van die geboue en toerusting.

Hiervoor betaal die Stadsraad 'n vasgestelde bedrag per pasiënt per dag vir dié pasiënte vir wie hy geldelik aanspreeklikheid aanvaar. Hierdie bedrag word periodiek deur onderlinge ooreenkoms gewysig as stygende koste dit regverdig.

Daar word ook onderling gereël dat die Spesialistepersoneel van die H. F. Verwoerd-hospitaal vir raadpleging by die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes beskikbaar is, terwyl die Stadsraad se Geneeskundige Beampptes 'n dag-en-nag-raadplegingsdiens vir aansteeklike siektes voorsien, wat veral deur die personeel van die Ongevalle- en Opname-afdelings van die H. F. Verwoerd-hospitaal gebruik en gewaardeer word.

GEBIEDE WAT BEDIEN WORD:

Hieronder ressorteer die Pretoriase munisipale gebied, sy buitestedelike gebiede en Noord- en Noordwes-Transvaal, maar pasiënte uit enige ander gebiede wat moeilikheid ondervind om sy eie pasiënte te huisves, soos byvoorbeeld tydens epidemies, word opgeneem.

AMBULANSREËLINGS:

Die Pretoriase Stadsraad voorsien sy eie ambulansdienste vir aansteeklike siektes. Dieselfde geld vir die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, terwyl ander plaaslike owerhede hul pasiënte per trein, huurmotor of ambulans instuur, na gelang van omstandighede.

AANSTEEKLIKE— SIEKTESHOSPITAALSTATISTIEK:

L.W.—Vergelykende syfers word tussen hakies verstrek en het betrekking op die tydperk van 12 maande wat op 1 Januarie 1965 begin en 31 Desember 1965 eindig.

TOTALE AANTAL PASIENTE TOEGELAAT:

Agthonderd twee-en-sewentig (922) pasiënte van wie 165 (228) Blankes en 707 (693) Nieblankes was, is opgeneem.

Die gebiedsverspreiding is:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	120 (169)	45 (60)
Nieblankes.....	325 (362)	382 (331)

ANTERIOR POLIOMIELITIS:

Daar is sewe bewysde gevalle van poliomiëlitis opgeneem in teenstelling met nul die vorige jaar. Al die pasiënte was Nieblankes. Geeneen van hierdie pasiënte was teen die siekte geïmmuniseer nie en tipe 1-poliomiëlitisvirus is van almal geïsoleer.

VERSPREIDING:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	0 (—)	0 (0)
Nieblankes.....	3 (—)	4 (—)

SEISOENSVOORKOMS:

<i>Jan.</i>	<i>Feb.</i>	<i>Maart</i>	<i>April</i>	<i>Mei</i>	<i>Junie</i>	<i>Julie</i>	<i>Aug.</i>	<i>Sept.</i>	<i>Okt.</i>	<i>Nov.</i>	<i>Des.</i>
—(—)	1(—)	3(—)	1(—)	1(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	1(—)	—(—)	—(—)

Vier van die pasiënte het verlamming in een been, 2 in albei bene en 1 in die voorarm en een been, opgedoen.

Al die pasiënte het ten tyde van hulle ontslag uit die Afsonderingshospitaal oorblywende verlamming in 'n mindere of meerdere mate gehad.

DIFTERIE:

Negentig (204) pasiënte is toegelaat waaronder 15 (48) Blankes was en 75 (156) Nieblankes. Vyf (8) Blanke kinders is toegelaat as draers en behandel.

VERSPREIDING:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	9 (35)	6 (13)
Nieblankes.....	16 (43)	59 (113)

SEISOENSVOORKOMS:

<i>Jan.</i>	<i>Feb.</i>	<i>Maart</i>	<i>April</i>	<i>Mei</i>	<i>Junie</i>	<i>Julie</i>	<i>Aug.</i>	<i>Sept.</i>	<i>Okt.</i>	<i>Nov.</i>	<i>Des.</i>
3(18)	4(42)	6(42)	10(34)	15(31)	17(13)	9(5)	5(5)	2(7)	6(3)	6(1)	7(3)

Van die pasiënte wat opgeneem is, was 61.0% (52.9%) kinders van vyf jaar en jonger.

BLANKES:

Drie kinders het gesterf aan miokarditis na 'n aanval van „bulnek“- difterie. Twee „bulnek“-gevalle het na 'n lang tydperk van hospitalisasie volkome herstel. 'n Tracheotomie moes op vyf gevalle gedoen word ter verligting van laringeale obstruksie. Een van dié kinders wat ook tegelykertyd 'n „bulnek“ aanval gehad het, het gesterf.

NIEBLANKES:

Sestien gevalle het gesterf: Elf hiervan het „bulnek“- difterie gehad, drie is oorlede na tracheotomie-operasies en 2 gevalle as gevolg van miokarditis in die tweede week van die siekte.

TIFOÏDE:

Daar is 9 (15) Blankes en 121 (136) Nieblanke-tifoïde-gevalle toegelaat.

SEISOENSVERSPREIDING:

<i>Jan.</i>	<i>Feb.</i>	<i>Maart</i>	<i>April</i>	<i>Mei</i>	<i>Junie</i>	<i>Julie</i>	<i>Aug.</i>	<i>Sept.</i>	<i>Okt.</i>	<i>Nov.</i>	<i>Des.</i>
14(30)	12(18)	4(32)	4(8)	3(13)	5(2)	5(2)	12(2)	8(7)	19(7)	23(5)	21(23)

GEBIEDSVERSPREIDING:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	2 (6)	7 (9)
Nieblankes.....	9 (48)	112 (88)

Alle Blanke pasiënte het herstel. Ses (8) Nieblanke pasiënte wat almal van buite die Stadsgebied en eers in 'n gevorderde stadium van die siekte toegelaat is, het gesterf.

SKARLAKENKOORS:

Daar is geen gevalle toegelaat nie in vergelyking met ses gevalle die vorige jaar.

PULMONÊRE TUBERKULOSE:

Pasiënte wat aan pulmonêre tuberkulose ly, word in die reël nie in die Afsonderingshospitaal opgeneem nie, maar dit was in die loop van die jaar nodig om 'n paar gevalle 'n dag of twee te huisves terwyl daar reëlins vir hul opname in verskillende sanatoriums getref is. 'n Aantal pasiënte wat in 'n sterwende toestand by die H. F. Verwoerd-hospitaal aangekom het, moes ook opgeneem word.

GEBIEDSVERSPREIDING:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	14 (6)	2 (3)
Nieblankes.....	206 (179)	123 (83)

Geen Blanke (1) en 7 (18) Nieblankes is oorlede voordat reëlins vir hulle oorplasing na sanatoria getref kon word.

Opmerking: Vir die hospitalisasie van tuberkulosegevalle oor die algemeen, kyk gedeelte oor tuberkulose.

DUITSE MASELS:

Daar is 1 (4) Blanke pasiënt, 'n verpleegster van die H. F. Verwoerd-hospitaal, toegelaat, en geen (1) Nieblanke nie.

MASELS:

Die maseolgevalle wat toegelaat word is meestal gevalle met komplikasies of gevalle met ander siektes wat hospitalisasie verg. Daar is 57 (36) Blankes en 89 (66) Nieblankes toegelaat.

GEBIEDSVERSPREIDING:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	41 (29)	16 (7)
Nieblankes.....	41 (45)	48 (21)

BLANKES:

Die meeste van die gevalle het masels en broncho-pneumonie gehad. Ander het masels en enteritis gehad. Daar was geen (1) sterfgevalle gewees nie.

NIEBLANKES:

Twaalf (15) gevalle het gesterf aan masels met broncho-pneumonie en/of gastro-enteritis. Baie van die gevalle het ook aan wanvoeding gely wat hulle weerstand teen infeksie verder verswak het.

Net soos vir die Blankes is beddens ook beskikbaar gestel aan maselsgevalle wat terselfdertyd ander siektes gehad het waarvoor hulle moes hospitaliseer word.

KINKHOES:

Twaalf (16) Blankes en 11 (6) Nieblankes is toegelaat.

GEBIEDSVERSPREIDING:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	10 (14)	2 (2)
Nieblankes.....	8 (4)	3 (2)

BLANKES:

Al die gevalle het herstel. Die meeste het kinkhoes en broncho-pneumonie gehad. Twee gevalle het enteritis gehad en een kinkhoes en nefritis.

NIEBLANKES:

Al die gevalle het broncho-pneumonie as komplikasie gehad. Een (3) geval het gesterf.

EPIDEMIESE PAROTITIS (PAMPOENTJIES):

Agt (14) Blankes en geen (3) Nieblankes is toegelaat. Al die gevalle het volledig herstel.

GEBIEDSVERSPREIDING:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	7 (7)	1 (5)
Nieblankes.....	0 (3)	0 (0)

BLANKES:

Een geval het meningo-enkefalitis en 'n ander geval orgitis as komplikasie ontwikkel. Een geval was 'n verpleegster en die ander is weens ander siektetoestande toegelaat.

NIEBLANKES:

Geen Nieblankes is toegelaat nie.

MENINGOKOKKALE MENINGITIS:

Vier (4) Blankes en 3 (1) Nieblankes is toegelaat.

GEBIEDSVERSPREIDING:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	2 (3)	2 (1)
Nieblankes.....	3 (0)	0 (0)

Al die gevalle het sonder nagevolge herstel.

WATERPOKKIES:

Vier (18) Blankes en 15 (12) Nieblankes is toegelaat.

GEBIEDSVERSPREIDING:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	4 (15)	0 (3)
Nieblankes.....	11 (8)	4 (4)

BLANKES:

Twee Blankes is toegelaat weens ander siektetoestande. Een kind met waterpokkies en gastro-enteritis sowel as 'n swanger Blanke vrou met waterpokkies en 'n primêre varicella-pneumonie is as gevolg van die komplikasies oorlede.

NIEBLANKES:

Die meeste gevalle is toegelaat vir ander siektetoestande gepaard met waterpokkies. Een Nieblanke het ook 'n primêre varicella-pneumonie ontwikkel en is daaraan oorlede.

ANDER TOELATINGS:

Gevalle met leprose vanaf Westfort-leprosarium naby Pretoria word toegelaat wanneer hulle operasies moet ondergaan. Om hierdie rede is daar beddens beskikbaar gestel aan 2 (7) Blankes en 11 (10) Nieblankes. Al die gevalle het herstel van hulle operasies. Ander Blankes wat toegelaat is, is 5 (4) kinders met epidemiese enkefalitis en 2 (7) gevalle met belroos.

Ander Nieblankes wat toegelaat is, is 2 (2) gevalle met sekondêre sifilis en koors as gevolg van 'n gepaardgaande pneumonie en 1 (1) geval met belroos. Geen (7) Nieblankes is toegelaat as loseerders nie.

OBSERVASIEGEVALLE:

30 (32) Blankes en 43 (31) Nieblankes is vir waarneming toegelaat en daar is gevind dat hulle nie aan aansteeklike siektes gely het nie. Die meeste van hulle is gestuur as moontlike difterie-, tifoïde- of pulmonêre tuberkulosegevalle.

Daar was geen (—) sterfgevalle onder die Blankes en ook geen (1) onder Nieblankes nie.

GEBIEDSVERSPREIDING:

	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Blankes.....	21 (20)	9 (12)
Nieblankes.....	13 (17)	30 (14)

In die volgende tabel word die getal behandelde gevalle en hul rasindeling en verspreiding opgesom:—

<i>Siekte</i>	<i>Blankes</i>		<i>Nieblankes</i>	
	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>	<i>Pretoria</i>	<i>Ander gebiede</i>
Anterior Poliomiëlitis.....	0 (0)	0 (0)	4 (0)	3 (0)
Difterie.....	9 (35)	6 (13)	16 (43)	59 (113)
Maagkoors.....	2 (6)	7 (9)	9 (48)	112 (88)
Skarlakenkoors.....	0 (5)	0 (1)	0 (0)	0 (0)
Longtering.....	14 (6)	2 (3)	206 (179)	123 (83)
Duitse Masels.....	1 (4)	0 (0)	0 (1)	0 (0)
Masels.....	41 (29)	16 (7)	41 (45)	48 (21)
Kinkhoes.....	10 (14)	2 (2)	8 (4)	3 (2)
Pampoentjies.....	7 (7)	1 (5)	0 (3)	0 (0)
Meningokokkale Meningitis.....	2 (3)	2 (1)	3 (0)	0 (0)
Waterpokkies.....	4 (15)	0 (3)	11 (8)	4 (4)
Ander toelatings.....	9 (18)	0 (0)	14 (13)	0 (0)
Observasiegevalle.....	21 (20)	9 (12)	13 (17)	30 (14)
TOTAAL.....	120 (169)	45 (60)	325 (362)	382 (331)

VENERIESE SIEKTES

L.W.—Vergelykende syfers word tussen hakies verstrek en het betrekking op die tydperk van twaalf maande wat op 1 Januarie 1965 begin en op 31 Desember 1965 eindig.

Die merendeel van die klinieke vir veneriese siektes word in die Kliniekgebou vir Spesiale Siektes op die terrein van die H. F. Verwoerd-hospitaal gehou.

DIENSTE AAN BLANKES:

Daar word vier sessies per week gehou, twee vir vroue en twee vir mans, met inbegrip van 'n sessie vir mans in die laat namiddag ná werksure.

Die personeel, wat ook ander pligte waarneem, bestaan uit 'n Geneeskundige Beampte, 'n Suster en 'n manlike kliniekklerk. Alle sessies vir Blankes word deur die Geneeskundige Beampte wat aan die hoof van die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes staan, waargeneem.

Die tabel hieronder toon die getal gevalle wat die kliniek in die loop van die jaar besoek het:—

<i>Diagnose</i>	<i>Nuwe gevalle</i>		<i>Bywonings—Nuwe en ou gevalle gesamentlik</i>	
	<i>Mans</i>	<i>Vroue</i>	<i>Mans</i>	<i>Vroue</i>
Seronegatiewe primêre sifilis.....	12 (3)	0 (0)	26 (18)	0 (0)
Seropositiewe primêre sifilis.....	10 (13)	4 (13)	44 (51)	22 (55)
Sekondêre sifilis.....	4 (2)	1 (5)	22 (9)	12 (14)
Tersiêre sifilis.....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Latente sifilis.....	5 (9)	14 (11)	51 (62)	41 (35)
Neurosifilis.....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Aangebore sifilis (onder 1 jaar).....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar).....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
TOTALE SIFILISGEVALLE.....	31 (27)	19 (29)	143 (140)	75 (104)

Diagnose	Nuwe gevalle		Bywonings—Nuwe en ou gevalle gesamentlik	
	Mans	Vroue	Mans	Vroue
Gonorrée.....	35 (40)	6 (1)	150 (179)	22 (3)
Ulcus Molle.....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Vulvovaginitis.....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Veneriese vratte.....	0 (0)	0 (0)	0 (5)	0 (0)
Nie-spesifieke urethritis.....	0 (0)	0 (0)	0 (1)	0 (0)
Nie-veneries.....	0 (0)	0 (0)	0 (71)	0 (0)
GROOTTOTAAL.....	65 (67)	25 (30)	293 (396)	97 (107)

DIENSTE AAN NIEBLANKES:

Die klinieke vir Nieblankes word by verskeie sentrums gehou. Die hoofklinieke, verreweg die grootste, word, soos reeds verduidelik is, by die Kliniek vir Spesiale Siektes op die terrein van die H. F. Verwoerd-hospitaal gehou. Sessies word ook by die Poliklinieke in Atteridgeville en Mamelodi gehou.

Die Sentrale Kliniek se personeel is dieselfde as dié vir die Blankes behalwe dat dit ook twee deeltydse Nieblanke helpers en 'n Nieblanke verpleegster insluit.

Die Geneeskundige Beampte wat aan die hoof van die Afsonderingshospitaal staan, neem al vier die sessies by die Sentrale Kliniek waar, terwyl die sessies by die ander sentrums deur die Adjunk-stadsgesondheidshoof waargeneem word. Daar is dus altesaam ses sessies per week vir Nieblankes in Pretoria en twee sentrums in die Bantoelewoongebiede waar pasiënte hulle elke dag (behalwe Saterdag en Sondag) vir behandeling kan aanmeld. Die sessies duur gemiddeld anderhalfuur, maar die vroeë aandessies by die Sentrale Kliniek duur twee uur.

Die opspoor van kontakgevalle van die Nieblanke wat die Sentrale Kliniek besoek wat hoofsaaklik bedoel is vir huisbediendes wat uit hulle normale gesinskring verwyder is, is dikwels onmoontlik vanweë die toevallige aard van die verhouding, die aantal kere wat gevalle met verskillende persone omgang gehad het, en die moeilikheid wat ondervind word om hoegenaamd 'n adres in die hande te kry. 'n Aansienlike aantal pasiënte reageer egter op ons versoek om die kontakte self ook aan te raai om die klinieke by te woon.

By die Poliklinieke in die Bantoewoongebiede het ons heelwat meer welslae behaal, hoofsaaklik omdat sommige faktore wat in die vorige paragraaf vermeld is, nie in dieselfde mate in hierdie gebiede aanwesig is nie.

Afwesigheid of die onderbreking van behandeling skep nie 'n groot probleem nie omdat die Bantoe, sodra daar eers met die behandeling 'n begin gemaak is, alte gewillig is om hom aan te meld totdat hy genees is. As hy nie meer opdaag nie, is die oorsaak veelal omstandighede en nie vrye keuse nie.

Die volgende tabelle dui die getal pasiënte aan wat gedurende die verslagjaar die verskillende klinieke besoek het:—

SENTRALE OF HOOFKLINIEK

Diagnose	Nuwe gevalle		Bywonings — Nuwe en ou gevalle gesamentlik	
	Mans	Vroue	Mans	Vroue
Seronegatiewe primêre sifilis.....	168 (65)	17 (4)	578 (284)	51 (19)
Seropositiewe primêre sifilis.....	400 (367)	62 (17)	1500 (1251)	202 (74)
Sekondêre sifilis.....	105 (148)	201 (214)	389 (565)	773 (805)
Tersiêre sifilis.....	0 (3)	0 (1)	0 (25)	0 (12)
Latente sifilis.....	174 (133)	277 (76)	758 (592)	806 (324)
Neurosifilis.....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Aangebore sifilis (onder 1 jaar).....	0 (0)	0 (3)	0 (0)	0 (8)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar).....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Totale Sifilisgevalle.....	847 (716)	557 (315)	3225 (2717)	1832 (1242)
Gonorrêe.....	691 (1084)	23 (19)	2706 (3605)	123 (70)
G.C.-vulvovaginitis.....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Veneriese vratte.....	45 (20)	9 (3)	156 (98)	46 (12)
Nie-spesifieke uretrititis.....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Nie-veneries.....	180 (277)	52 (55)	544 (887)	160 (172)
GROOTTOTAAL.....	1763 (2097)	641 (392)	6631 (7307)	2161 (1496)

	<i>Mans</i>	<i>Vroue</i>
Getal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly.....	144 (99)	24 (0)
Getal gevalle wat op proef ontslaan is.....	259 (4)	206 (50)
Getal gevalle wat as volkome genees ontslaan is.....	675 (16)	134 (52)

POLIKLINIEK MAMELODI

Seronegatiwe primêre sifilis.....	3 (1)	2 (1)	16 (1)	27 (1)
Seropositiewe primêre sifilis.....	8 (4)	5 (8)	25 (15)	23 (47)
Sekondêre sifilis.....	2 (1)	77 (75)	2 (4)	615 (349)
Tersiêre sifilis.....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Latente sifilis.....	9 (9)	49 (52)	58 (28)	263 (305)
Aangebore sifilis (onder 1 jaar).....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar).....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
TOTALE SIFILISGEVALLE.....	22 (15)	133 (136)	101 (48)	928 (702)
Gonorrêe.....	12 (16)	1 (2)	40 (62)	8 (11)
Nie-veneries.....	10 (18)	15 (35)	37 (51)	44 (120)
Veneriese vratte.....	1 (0)	0 (2)	3 (0)	0 (7)
GROOTTOTAAL.....	45 (49)	149 (175)	181 (161)	980 (840)
			<i>Mans.</i>	<i>Vroue</i>
Getal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly.....			0 (0)	1 (0)
Getal gevalle wat op proef ontslaan is.....			5 (4)	53 (50)
Getal gevalle wat as uiteindelik genees ontslaan is.....			6 (16)	15 (52)

ATTERIDGEVILLESE POLIKLINIEK

Seronegatiwe primêre sifilis.....	3 (4)	1 (0)	7 (9)	9 (4)
Seropositiewe primêre sifilis.....	9 (6)	15 (3)	49 (30)	32 (9)
Sekondêre sifilis.....	23 (8)	69 (86)	18 (46)	412 (560)
Tersiêre sifilis.....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Latente sifilis.....	5 (7)	52 (65)	17 (37)	412 (440)
Aangebore sifilis (onder 1 jaar).....	0 (1)	0 (2)	0 (15)	0 (20)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar).....	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
TOTALE SIFILISGEVALLE.....	40 (26)	137 (156)	91 (137)	865 (1033)
Gonorrêe.....	17 (15)	5 (1)	71 (53)	34 (22)
Veneriese vratte.....	0 (1)	1 (2)	0 (4)	6 (8)
Nie-veneries.....	3 (8)	8 (6)	11 (41)	26 (35)
GROOTTOTAAL.....	60 (50)	151 (165)	173 (235)	931 (1098)
			<i>Mans.</i>	<i>Vroue</i>
Getal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly.....			1 (0)	5 (0)
Getal gevalle wat op proef ontslaan is.....			0 (4)	18 (50)
Getal gevalle wat as uiteindelik genees ontslaan is.....			1 (16)	5 (52)

VOORGEBOORTELIKE SIFILISBEHANDELING:

Alle vroue wat die munisipale klinieke vir voorgeboortelike sorg besoek, word serologies vir sifilis getoets. Normaalweg word diegene wat dit nodig het, aldaar behandel, tensy spesiale omstandighede, hetsy diagnosties of andersins, dit vereis dat hulle na die Kliniek vir Veneriese Siektes moet gaan.

Na die bevalling word die behandeling vir hierdie gevalle en hul babas by die Klinieke vir Veneriese Siektes voortgesit.

Die volgende tabelle toon die aantal voorgeboortelike gevalle aan wat by die verskillende klinieke teen sifilis behandel is:—

BLANKES	Maande van swangerskap		
	1-3 maande	4-6 maande	7-9 maande
Getal swangeres wat serologies getoets is.....	121 (121)	153 (195)	45 (37)
Getal wie se reaksies positief of twyfelagtig was.....	2 (2)	7 (4)	3 (1)
Getal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is....	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Getal wat die 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang.....	0 (0)	0 (1)	0 (0)

NIEBLANKES

ATTERIDGEVILLESE KLINIEK:

Getal swangeres wat serologies getoets is.....	267 (364)	1120 (1489)	634 (866)
Getal wie se reaksies positief of twyfelagtig was.....	28 (42)	117 (155)	61 (83)
Getal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is....	2 (5)	17 (21)	15 (14)
Getal wat die 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang.....	17 (27)	58 (99)	31 (49)

MAMELODIKLINIEK:

Getal swangeres wat serologies getoets is.....	288 (256)	1359 (1568)	550 (583)
Getal wie se reaksies positief of twyfelagtig was.....	42 (41)	171 (175)	69 (52)
Getal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is....	7 (6)	54 (51)	13 (20)
Getal wat die 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang.....	37 (38)	140 (167)	57 (48)

KAMPONGKLINIEK:

	<i>Maande van swangerskap</i>		
	1-3 maande	4-6 maande	7-9 maande
Getal swangeres wat serologies getoets is.....	133 (115)	38 (474)	381 (318)
Getal wie se reaksies positief of twyfelagtig is.....	18 (15)	51 (67)	23 (29)
Getal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is....	3 (1)	6 (8)	7 (3)
Getal wat die 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang.....	10 (9)	21 (28)	7 (17)

MOEDER- EN KINDERSORGDIENTE:

Hierdie seksie is verantwoordelik vir die voorkoming van siektetoestande en die bevordering van gesondheid by die verwagte moeder en die voorskoolse kind van alle rasse. Die eise wat hierdeur aan die betrokke personeel gestel word, is uiteenlopend en verg die nodige kennis, insig en begrip van wat so'n diens behoort na te streef. Met verloop van tyd en in die lig van nuwe kennis en ontwikkeling het die uitdaging in verband met hierdie dienste 'n al groter omvang aangeneem.

In die verlede was die klem meer in besonder op die organiese, soos die voorkoming van aansteeklike en oordraagbare siektes en die bestryding van wanvoeding, gelê. Daar is alreeds groot sukses behaal. Toestande soos perinatale mortaliteit, prematuriteit en aangebore afwykings wag egter nog uitdagend op meer suksesvolle voorkoming.

Daar word al hoe meer besef dat daar egter nie net aandag aan die organiese siektes gegee moet word nie, maar ook aan die bevordering van geestesgesondheid by moeders en kinders. Die stremmende faktor by die uitbreiding van so 'n diens was egter nog altyd die tekort aan die nodige opgeleide personeel. Alvorens daar nie voldoende behoorlik besoldigde poste in voorbehoedende geneeskundige dienste geskep word om in die psigiese behoeftes van verwagte moeders en baie jong kinders te voorsien nie, sal daar afbreuk aan die inisiatief van diegene wat in hierdie rigting aanleg en ambisie het, gedoen word.

Die vroegste waarneming van 'n afwyking kan nie slegs die fondament lê tot verligting van 'n bestaande toestand nie, maar selfs die toestand heeltemal voorkom.

Met so 'n groot Kindersorgafdeling soos in 'n stad soos Pretoria, kom die personeel jaarliks in aanraking met tussen 3,000 en 4,000 pasgebore babas en hulle gesinne (die syfer hang af van die geboortesifer vir 'n jaar) en sowat 400 verwagte moeders. Daar bestaan dus 'n groot geleentheid vir vroeë waarneming, hulp en leiding.

Ten einde in 'n mate hierdie probleem die hoof te bied, is daar aan die begin van die jaar in samewerking met die Kommissaris van Geesteshigiëne aan ons personeel 'n kort kursus in geestesgesondheid aangebied. Die Stadsraad het goedgekeurd R100 ter bestryding van onkoste vir hierdie doel bewillig. Die kursus het geduur van Februarie tot Mei 1966, en was in die vorm van twee lesings per week, asook weeklikse groepsbesprekings.

Alhoewel ons nie psigiatriesopgeleide personeel het om met die emosionele probleme te handel nie, meen ons tog dat die moeders 'n geleentheid moet kry om te „ontlaai” en dat dit in 'n groot persentasie gevalle kan help met die voorkoming van ernstige probleme later in hulle kind se lewe. Daarom gee ons aan moeders met hierdie soort van probleme die kans om „uit te praat”.

Bogenoemde kursus het sekerlik daartoe bygedra dat ons personeel van meer hulp in sulke gevalle kan wees.

Waar ons bewus raak dat die oorsaak dieper is, word hulle na die nodige gespesialiseerde hulp buite ons eie organisasie, verwys.

Die gesondheids besoeksters word ook aangemoedig om meer tyd aan sulke moeders af te staan en ook, indien nodig, meer besoeke en aandag aan so 'n moeder en haar gesin te bestee. Hierdie benadering het vir baie van ons pasiënte al groot verligting gebring.

Om die moeders verder te help om van spanning en vrees verlig te word, bied ons ook nog steeds, soos in die verlede, ontspanningsoefeninge aan vir verwagte moeders wat ons klinieke bywoon. Dit word eenmaal per week gedoen en ons kry herhaaldelik getuigenis van die hulp wat die moeder hierdeur ontvang het.

Ons is nog altyd dankbaar vir die hulp wat ons van die opgeleide diëtkundige verbonde aan die Departement van Landbou-tegniese Dienste by ons voorgeboorteklinieke in die sentrale gebied, Hercules, en Danville, kry.

Ondersoeke in verband met doodgeboortes, en van sterftes by kinders onder 5 jaar, vir alle rasse, word gevolg.

Die versameling van statistieke by Nieblankes bly nog steeds moeilik omdat so baie sterftes by hulle nog nie deur geneeshere gesertifiseer kan word nie.

By Blankes word die oorsaak van dood in die meeste gevalle na aanleiding van voordoodse kliniese diagnose aangemeld. Daar is wel 'n klein persentasie by wie die diagnose deur nadoodse ondersoek vasgestel word, maar totdat daar baie meer nadoodse ondersoeke gedoen word, sal ons statistiek in hierdie verband onbevredigend bly.

Indien daar daadwerklik bygedra moet word om die voorkombare oorsake van perinatale mortaliteit vas te stel, is nadoodse ondersoek van miskrame, doodgeboortes en neo-natale sterftes uiters noodsaaklik.

PERSONEEL:

Die geneeskundige personeel van hierdie Seksie het tot aan die begin van hierdie jaar bestaan uit twee voltijdse geneeskundige beamptes vir Moeder- en Kindersorg, tesame met vier voltijdse kliniese geneeskundige beamptes en twee deeltijdse geneeskundige beamptes en twee deeltijdse geneeshere. Gedurende die loop van die jaar het twee van die voltijdse kliniese geneeskundige beamptes egter bedank omdat hulle eggenotes van Pretoria verplaas is.

Dit was onmoontlik om hierdie twee vakante poste met permanente personeel te vul en ons moes gebruik maak van dikwels wisselende tydelike geneeshere. Die pos wat geskep is vir 'n kliniese geneeskundige beampte vir Laudium en Eersterust kon ook nog nie gevul word deur 'n permanente persoon nie.

Weens bogenoemde feite is vooruitgang in die werksaamhede van hierdie Seksie gestrem.

Tot aan die einde van hierdie jaar kon ons slegs twee klinieksessies per week (een sessie beteken 'n voormiddag- of namiddagsessie) by beide Laudium en Eersterust bied en dit wel met die hulp van tydelike personeel.

Dit is belangrik dat indien voldoende aandag gegee moet word aan die behoeftes van die huidige bevolking van Pretoria, ons daarin sal slaag om meer permanente geneeshere na ons diens te lok.

Wat die verplegingspersoneel betref, het ons op die oomblik 18 Blanke gesondheidsbesoeksters/klinieksusters en 8 klinieksusters vir tuberkulosewerk. Vakante poste van verlede jaar is gevul, en daar is 4 bykomende nuwe poste in die Tuberkuloseseksie geskep en gevul.

Die Nieblanke personeel het aangegroei tot 48 (verlede jaar was dit 46). Hiervan doen 25 moeder- en kindersorgwerk, 14 is vroedvroue en 9 doen tuberkulosewerk. Die pos wat vir 'n Indiërverpleegster by Laudium geskep is, was vir 'n deel van die jaar gevul.

ALGEMEEN:

Die getal bywonings by Saulsville en Atteridgeville bly nog konstant hoog en by Mamelodi het hulle besonder gestyg sodat die personeel dit moeilik vind om die werk te behartig. Die kliniekruimte by Mamelodi is ook baie beknop. Daar is egter voorsiening gemaak vir aanbouings by die Mamelodi- en Saulvilleklinieke en ons sien uit na hierdie verbeterings.

Die bywoningsyfer by Laudium en Eersterust vertoon buite verhouding hoog, in vergelyking met dié van verlede jaar. Wat egter hier onthou moet word is dat die vorige jaar se getalle slegs 'n beeld is van bywonings sedert November 1965, toe ons dienste in hierdie twee gebiede vir die eerste maal beskikbaar gestel is.

Met die uittreding uit ons diens, verlede jaar, van ons vorige Inspektrise van Vroedvroue en Kraaminrigtings, moes ons 'n ander suster in hierdie rigting oplei. Met die tekort aan personeel wat ons op daardie tydstip ondervind het, het dit moeilik gegaan om aan die vereistes wat ons aan onself stel, te voldoen.

Ons kan egter nou berig dat hierdie sake verbeter het.

Die Inspektrise van Vroedvroue en Kraaminrigtings doen nou gereelde inspeksies by alle privaat kraamhospitale, beide Blank en Nieblank.

Die ondersoeke in verband met stafilokokbesmetting word steeds voortgesit met die hulp van die Seksie vir Aansteeklike Siektes wat elders 'n breedvoerige ontleding van die bevindings gee.

Die roetine-inplasings van 'n antiseptiese neusroom by alle personeellede van sulke inrigtings, het nie die verwagte resultate gelever nie.

Wat baie meer bemoedigend was, is dat die inrigtings waar streng higiëniese maatreëls op alle gebiede toegepas is, 'n dramatiese afname in die voorkoms van stafilokokbesmetting getoon het. Die strenge toepassing hiervan, soos die gereelde skoonmaak van kamers, meubels en ander voorwerpe sowel as die gereelde was van kombes, ens., word deur die Inspektrise by herhaalde besoeke aange- moedig.

Uitstekende samewerking deur alle inrigtings wat onder ons beheer val, word ondervind.

Omdat die aanwending van slegs chemiese middels ter ontsmetting van wolkomberse nie die gewenste resultate lewer nie, is dit nodig gevind om hulle boonop ook gereeld te was. Dit mag selfs nodig blyk om in hierdie gevalle die geleidelike vervanging van wol- deur katoenkomberse aan te beveel.

PERSELE:

Aan die begin van Februarie 1966 het ons, na lange jare van afwagting, uiteindelik intrek geneem in die nuwe Munitoria. Die personeel is uiters gelukkig in die administratiewe en kliniekdeel van hierdie gebou. Nie alleen is die groot beskikbare ruimte van voordeel vir beide pasiënte en personeel nie, maar die stilte waaronder daar gewerk kan word, vergemaklik die dagtaak en verhoog werksvermoë.

Die kliniek in Jack Hindon-straat in Pretoria-Noord het hierdie jaar bewys dat dit beter geleë is vir die pasiënte as die Pretoria-Noord-stadsaal wat ons voorheen gebruik het.

Die weeklikse immunisasiekliniek te Silverton toon 'n vermeerdering in bywonings en bewys die behoefte aan so 'n diens hier.

By die kliniek in 29ste Laan, Villieria, is daar 'n groot aanwas in getalle. Soos verlede jaar, kom 'n groot aantal pasiënte van Waverley, Queenswood en Mōregloed af. Die ruimte en geriewe tans tot ons beskikking, is egter beperk en dit is baie moeilik vir die moeders wat hier in groot getalle kom om in die gang af te skuif met babas op die arm om die nodige vrywaringsinspuitings te kry en weer in dieselfde nou gang terug te sukkel.

GESUBSIDIEERDE MELKPOEIERSKEMA:

Hierdie skema was gedurende die afgelope jaar, soos in die verlede in werking by die klinieke in Hercules, die Kampong, Saulsville, Atteridgeville en Mamelodi.

Meer Blanke kinders (Hercules) het gedurende die verslagjaar melkpoeier ontvang, naamlik 127, teenoor die gemiddelde van 92 verlede jaar; baie van hulle egter vir 'n korter tydperk as in die verlede.

In ons vorige verslae het ons daarop gewys dat dit weens sosio-ekonomiese toestande hier, nodig was vir kinders om vir 'n lang tydperk die melkpoeier te gebruik. Die feit dat dit vanjaar meestal nie nodig was om vir langer as ses maande die melkpoeier te voorsien nie, beskou ons as 'n aanduiding daarvan dat weens vorige jare se gebruik die voedingstoestand van die kinders alreeds heelwat verbeter het.

Onder die Nieblankegroepe was daar in die algemeen min uitbreiding van hierdie skema.

In hierdie groepe is nuwe gevalle tot die skema toegelaat, maar ander weer het nalatig bygewoon of het verdwyn voordat bevredigende resultate bereik kon word.

By Mamelodi is 100 nuwe gevalle gedurende die loop van die jaar toegelaat. Hier was dit voorheen moeilik om genoeg belangstelling by die moeders aan te wakker om bevredigende bywoning te verkry. Hierdie 100 nuwe gevalle was dus 'n goeie teken en is bemoedigend.

'n Groot probleem wat ons by die Nieblanke bevolking vind, is die groot waarde wat aan melkpoëier met 'n bekende handelsnaam geheg word en ons vind dat hulle liever die duurder melkpoëier by die apteek sal koop en heeltemal te flou aangemaak aan die kind gee, as om hulle vir die poëiermelkskema gereeld aan te meld. Dit geld vir Indiërs, Kleurlinge sowel as Bantoes. Dit is byna ongelukkig hoe baie van hulle duur volroommelkpoëier gebruik.

'n Ander probleem wat ons ondervind is dat kinders wat in die hospitaal opgeneem is, ontslaan word en die ouers dan dikwels 'n onvolledige, hergekonstitueerde melk aan die kind gee, ten einde die duur melk wat hulle koop langer te laat hou, met die gevolg dat baie van die gevalle by die klinieke in 'n toestand van wanvoeding aankom, ten spyte van die feit dat hulle 'n duur volroommelkpoëier gebruik het.

Dieselfde gebeur dikwels met die "populêre" melkpoëier met 'n bekende handelsnaam. Dit is baie frustrerend dat, ten spyte van alle pogings wat aangewend word tot voorligting en opvoeding in hierdie verband, kunsmatige aanvullende voeding nog so 'n probleem bly. Baie gevalle van opvallende kwasjiorkor het so 'n agtergrond.

Gedurende die twaalf maande eindigende 31 Maart 1964 is 156 gevalle van kwasjiorkor by ons Nieblankeklinieke aangemeld en behandel.

In die ooreenstemmende tydperk vir 1964-1965 was die getal 124, en vir die daaropvolgende 1965-1966, was die getal 82.

Gedurende die jaar 1 Januarie 1963-31 Desember 1963 was die totale aanmeldings van kwasjiorkor-gevalle, d.w.s. nie net deur ons klinieke nie, maar ook deur die hospitaal.....	415
Van 1 Januarie 1964-31 Desember 1964.....	349
Van 1 Januarie 1965-31 Desember 1965.....	242
Van 1 Januarie 1966-31 Desember 1966.....	259

Hierdie syfers toon 'n vermindering in die voorkoms van aangemelde gevalle aan. Die melkpoëier tesame met voorligting wat met die uitreiking daarvan gepaard gaan, het sekerlik 'n rol in die afname gespeel.

Ongelukkig is dit egter nie 'n suiwer beeld van die voorkoms van kwasjiorkor in die Pretoriase Munisipale gebied nie. Aanmeldings kom hoofsaaklik van die hospitaal en ons klinieke. Ander bronne, soos byvoorbeeld algemene praktisyns, meld feitlik nooit 'n geval van kwasjiorkor aan nie.

Die algemene indruk is egter dat daar 'n afname in die voorkoms van gebreksiektes in die Nieblankewoongebiede is, veral onder die gevalle wat die melkpoëier gereeld ontvang het en dit volgens voorskrif gebruik.

By die Nieblankegevalle is die voorkoms van gastro-enteritis nog hoog, maar waar die melkpoëier gereeld geneem is, volgens voorskrif, was die voorkoms van hierdie komplikasie beslis minder. Wat ons verder in hierdie gebiede waargeneem het, was dat alhoewel die voorkoms van gastro-enteritis nie besonder afgeneem het nie, sterftes as gevolg van hierdie toestand verminder het. Dit wil dus blyk dat selfs onder diegene wat nie die volledige kwota melkpoëier gebruik het nie, hulle weerstand nogtans so verbeter het dat hulle die siektetoestand kon oorleef.

Geen gevalle van kwasjiorkor by Blankes is aangemeld nie. Daar is 'n groot afname in die voorkoms van gebreksiektes in die Blankegebiede te bespeur. Desgelyks het die voorkoms van gastro-enteritis ook dramaties verminder by Blanke kinders wat die melkpoëier gebruik het.

Soos reeds gemeld, het Blanke kinders vanjaar vir korter tydperke melkpoëier ontvang en die toediening kon in die meeste gevalle na ses maande gestaak word nadat bevredigende vordering duidelik was.

By Nieblankes is die toestand nog steeds soos in vorige verslae genoem, naamlik dat indien die moeders of voogde saamwerk en die kind die melk gereeld kry, dit nie nodig is om vir langer as ses maande met die melkpoëier aan te hou nie. Waar dit nie die geval is nie, moet die tydperk van toediening verleng word tot nege maande of een jaar.

Samewerking van die kant van ouers of voogde by die kliniek in Hercules (Blank) was uitstekend. Hierdie feit is grootliks verantwoordelik vir die bemoedigende en verbeterde beeld in verband met die voedingstoestand van die kinders wat hier by die skema ingesluit was, sedert die instelling daarvan.

By die Nieblankeklinieke gaan die uitgee van die melkpoëier gereeld gepaard met voorligting sowel as huisbesoeke deur die verplegingspersoneel.

HUISBESOEKE DEUR GESONDHEIDSBESOEKSTERS:

(Syfers vir 1965 tussen hakies.)

	<i>Eerste besoeke</i>	<i>Daaropvolgende besoeke</i>	<i>Getal siek babas besoek</i>	<i>Totale besoeke</i>
1966.....	3751 (3591)	1808 (2352)	839 (853)	6398 (6851)

BESONDERHEDE VAN KLINIEKBYWONINGS:

	<i>Eerste Bywoning</i>	<i>Herbywoning</i>	<i>Deur geneesheer ondersoek</i>
Sentraal (Dinsdag).....	46 (3)	425 (369)	481 (402)
Sentraal (Woensdag).....	131 (163)	990 (1323)	
Sentraal (Vrydag).....	110 (137)	801 (1017)	
Bloedstraat.....	36 (38)	456 (533)	
Weseinde.....	213 (146)	2165 (2005)	699 (682)
Proclamation Hill.....	51 (42)	598 (682)	38 (45)
Yskor.....	46 (45)	445 (426)	
Gezina.....	50 (60)	550 (378)	
Villieria (Woensdag).....	151 (142)	1291 (1305)	422 (335)
Villieria (Donderdag).....	95 (101)	776 (842)	

Wonderboomsuid.....	39	(37)	336	(328)	
Mayville.....	81	(87)	527	(836)	
Capital Park.....	45	(37)	368	(602)	
Hatfield.....	25	(36)	169	(356)	
Nieu-Muckleneuk.....	80	(64)	728	(542)	
Sunnyside (Dinsdag).....	169	(136)	1563	(1572)	
Sunnyside (Woensdag).....	164	(126)	1406	(1383)	
Riviera.....	100	(100)	988	(845)	81 (57)
Salvokop.....	12	(14)	339	(389)	
Danville.....	125	(102)	1929	(1463)	589 (428)
Weermagterrein.....	10	(5)	130	(336)	
Arcadia.....	136	(90)	836	(938)	
Hercules.....	212	(224)	3342	(3861)	951 (943)
Booysens.....	73	(74)	851	(722)	
Mountain View.....	104	(109)	1321	(1348)	
Pretoria Gardens.....	68	(97)	845	(1005)	
Rietfontein-Noord.....	29	(31)	160	(215)	
Vootrekkerweg.....	68	(54)	325	(229)	
Pierneefstraat.....	94	(72)	601	(582)	
Brooklyn.....	64	(74)	682	(690)	

BYWONINGS VAN VOORGEBOORTELIKE KLINIEKE:

	<i>Sentraal</i>	<i>Danville</i>	<i>Hercules</i>	<i>Totaal</i>
Getal nuwe gevalle.....	157 (177)	72 (63)	149 (127)	378 (367)
Totale bywonings.....	1064 (984)	422 (371)	986 (762)	2472 (2117)

TANDKLINIEK:

Getal gevalle wat die Tandkliniek bygewoon het..... 15 (10)

Ten spyte van voorligting en die fasiliteite wat vir Tandheekundige behandeling bestaan, is die bywoning by die tandkliniek uiters onbevredigend.

Gevalle wat deur ons Voorgeboorteklinieke na die Tandkliniek verwys word, woon dit ook nie, soos verwag kan word, by nie.

IMMUNISERINGSKLINIEK:

Getal gevalle ten volle teen difterie geïmmuniseer.....	5457 (4556)
Getal gevalle ten volle teen kinkhoes geïmmuniseer.....	3488 (2915)

KRAAMTOESIG:

Getal kraamtasse geïnspekteer.....	89 (85)
Getal besoeke aan vroedvroue.....	20 (47)
Getal besoeke aan vroedvrouegevalle.....	2 (—)
Getal besoeke aan kraaminrigtings.....	39 (45)

'n Gesondheidsbesoekster, aangestel deur die Stadsgesondheidshoof as Inspektise van Vroedvroue en Kraaminrigtings, neem hierdie diens waar volgens regulasies ingevolge artikel 18 (b) van die „Volks-gesondheids Wysigingswet no. 15 van 1928”, in soverre dit privaat praktiserende vroedvroue betref.

Die Transvaalse Ordonnansie no. 19 van 1963 en die regulasies wat by Administrateurskennis-gewing no. 619 van 5 Augustus 1964 afgekondig is, bepaal dat registrasie en toesig van private hospitale en kraaminrigtings vanaf 1 April 1965 deur die Provinsiale owerheid onderneem sal word.

Aangesien die Provinsiale owerheid nog besig is om sy werksaamhede in hierdie verband te organi-seer, het hierdie Afdeling na samespreking met die betrokke owerheid dus nog vir die afgelope jaar in-speksie van bestaande private kraaminrigtings onderneem.

TEHUISE VIR BEJAARDES:

Getal tehuise vir bejaardes.....	14 (20)
Getal besoeke aan tehuise vir bejaardes.....	6 (26)

Inspeksies van tehuise vir bejaardes is soos in die verlede deur 'n gesondheidsbesoekster sowel as lede van die gesondheidsinspeksiepersoneel uitgevoer.

Die nuut aangekondigde wetgewing vir die versorging van bejaardes sal veral in soverre dit privaat inrigtings betref, in die toekoms baie help om kontrole oor sulke inrigtings uit te oefen.

KLEUTERSKOLE:

Talryke versoeke het van verskillende kleuterskole in die stad gekom om mediese toesig deur ons personeel en gereelde mediese ondersoek van die kinders. As gevolg van die personeeltekort was dit egter moontlik om slegs in die geval van vier kleuterskole met kinders uit huise in die meer behoeftige gebiede asook een so 'n skool wat aan 'n weeshuis verbonde is, aan hierdie versoeke te voldoen.

STATISTIEKE TEN OPSIGTE VAN NIEBLANKES:**HUISBESOEKE:**

(Syfers vir 1965 tussen hakies.)

	<i>Bantoes</i>	<i>Kampong Asiate</i>	<i>Kleurlinge</i>	<i>Atteridge- ville Bantoes</i>	<i>Saulsville Bantoes</i>	<i>Mamelodi Bantoes</i>
Eerste besoeke aan pasgeborenes.....	15 (6)	108 (96)	96 (69)	840 (865)	1083 (1019)	1015 (1488)
Daaropvolgende besoeke..	6 (8)	593 (486)	579 (504)	3006 (3699)	746 (1049)	601 (668)
Besoeke aan siek kinders..	— (—)	34 (56)	2 (17)	4 (—)	— (2)	3 (4)
Getal siek kinders besoek	— (—)	26 (48)	1 (—)	2 (—)	— (—)	2 (—)
					<i>Laudium Asiate</i>	<i>Eersterust Kleurlinge</i>
Eerste besoeke aan pasgeborenes.....					179	256
Daaropvolgende besoeke.....					55	22
Besoeke aan siek kinders.....					—	—
Getal siek kinders besoek.....					—	—

BYWONING VAN KINDERSORGKLINIEKE:

	<i>Bantoes</i>	<i>Kampong Asiate</i>	<i>Kleurlinge</i>	<i>Atteridgeville Bantoes</i>	<i>Saulsville Bantoes</i>
Eerste bywonings....	359 (339)	78 (226)	120 (195)	1072 (1118)	1855 (2040)
Herhaalde bywonings	1926 (1997)	1313 (2363)	1745 (2094)	18495 (20004)	26226 (27141)
Deur geneesheer ondersoek.....	714 (943)	525 (850)	743 (873)	7149 (8063)	8250 (8734)
			<i>Mamelodi Bantoes</i>	<i>Laudium Asiate</i>	<i>Eersterust Kleurlinge</i>
Eerste bywonings.....			3338 (2778)	139 (25)	310 (76)
Herhaalde bywonings.....			37587 (37534)	2440 (348)	2966 (343)
Deur geneesheer ondersoek.....			12565 (11745)	1161 (201)	1159 (334)

Bogenoemde syfers toon dat in die afgelope jaar 7,271 Nieblanke kinders onder 5 jaar hulle vir die eerste maal by ons klinieke aangemeld het en dat daar 92,698 herbesoeke by die kinderklinieke was en verder, dat 32,266 deur ons geneesheer ondersoek en behandel is.

VOORGEBOORTELIKE KLINIEKE:

	<i>Kampong Bantoes</i>	<i>Kleurlinge en Asiate</i>	<i>Atteridgeville Bantoes</i>	<i>Saulsville Bantoes</i>
Getal nuwe gevalle.....	1052 (1050)	149 (247) 144	1271 (1180)	1842 (1733)
Getal bywonings.....	4564 (4467)	1394 (2068) 1078	8380 (8041)	10098 (8816)
				<i>Mamelodi Bantoes</i>
Getal nuwe gevalle.....				2163 (1857)
Getal bywonings.....				13108 (11312)

Bogenoemde syfers toon dat 6,621 nuwe gevalle by ons Nieblankevoorgeboortelike klinieke aangemeld het, en dat 'n totaal van 38,622 met herbesoeke gedurende die jaar gesien is.

BEVALLINGS DEUR VROEDVROUW WAARGENEEM:

<i>Atteridgeville</i>	<i>Saulsville</i>	<i>Mamelodi</i>
292 (367)	603 (657)	279 (185)

IMMUNISERING:

Getal gevalle teen difterie geïmmuniseer.....	3467 (3317)
Getal gevalle teen kinkhoes geïmmuniseer.....	2757 (2618)

GENEESKUNDIGE ONDERSOEKE

Mediese ondersoeke van persone wat in die Stadsraad se diens tree word daaglik uitgevoer. Daar is ook spesiale ondersoeke ingevolge die Ongevallewet of om Pensioenfonds- of ander redes. Altesaam 1,605 sulke mediese ondersoeke is gedurende die onderhawige jaar uitgevoer.

PRETORIASE SLAGPLAAS

Die personeelstaat by die Slagplaas is soos volg:

Bestuurder	Dr. W. J. Wheeler.
Hoofklerk	Mnr. A. G. B. Pattison.
Superintendent, Neweprodukte en Verkoelingsinstallasie	Mnr. B. de Lange.
Streekvleisinspekteur	Mnr. T. J. van der Heever.
Tikster	Een.
Toesighoudende Vleisinspekteur	Een.
Vleisinspekteurs	Sewe.
Instandhoudingsbeampte	Een.
Werkwinkel-assistent	Een.
Senior Masjien- en Stoomketelbedieners	Vier.
Masjien- en Stoomketelbedieners	Vier.
Werkvoorman	Een.
Werkplaas-assistente	Twee.
Skoonmaker/nasieners	Drie.
Skoonmakers	Drie.
Totaal: Blankes	32.
Nieblankes	47.

Dit was weer eens onmoontlik om al die vakatures vir Vleisinspekteur te vul en ten einde vleis-inspeksiedienste te handhaaf, is 'n voortdurende beroep op die Gesondheidsafdeling se Inspektoraat gedoen, wat reeds 'n personeeltekort ondervind.

VEEVOORRADE:

Die aantal beeste wat geslag is, is dieselfde as oor die vorige jaar, niesteenstaande die voortdoring van die droogte in die hoofproduksiegebied, nl. Noord-Transvaal. Dit spreek boekdele vir die geslaagdheid van die noodvoedingskema wat tussen die Regering en die boere gereël is.

'n Maksimum aantal beeste is geslag en dit wil voorkom of Pretoria die stadium nader waar die aanvraag die aanbod sal oorskry — 'n stadium wat blykbaar reeds bereik is ten opsigte van skaapkarkasse. Skaapvoorrade was weer volop en wisselvallige groot besendings het dikwels tot gevolg gehad dat kraalgeriewe oorlaai is en dat die diere vir uitgerekte tye in spoortrokke gehou moes word. Die aanbod van varke was altyd goed met 'n algemene geringe toename in die aantal wat geslag is.

Hoewel daar 'n geringe toename was in die aantal ekwines wat geslag is, word voorrade steeds moeiliker om te verkry.

Die totale aantal pluimvee wat geslag is, wat 'n skerp daling getoon het, regverdig nie die voortsetting van hierdie diens nie. Geslagte pluimvee wat van die Witwatersrand kom, word nou op 'n groot skaal aangebied en plaaslike produsente slag nou meesal self.

Daar was weer eens 'n klein toename in die totale aantal diere wat geslag is, soos blyk uit die gegewens wat verskaf word. As gevolg van koopweerstand was daar slegs 'n geringe styging in die gemiddelde beesvleisprys.

VERANDERING AAN SLAGPLAAS:

Daar is gedurende die jaar met veranderinge aan die Slagplaas begin ooreenkomstig die skema wat in 1965 goedgekeur is.

Die veranderingskema het voorsiening gemaak vir die gelyktydige slag van beeste en skape, waardeur die totale lewering verhoog is.

Veranderinge aan die verkoelings- en neweprodukte-installasies en 'n beperkte uitbreiding van die kraal en hangsaalruimte word beplan ten einde geriewe te skep wat vir 'n tydperk van 5 tot 7 jaar sal kan dien.

Daar het 'n beroering gedurende die jaar voorgekom toe die owerhede oorweging verleen het aan die moontlike aanwending van die bestaande slagplaasperseel deur 'n private onderneming vir 'n tydperk van 20 tot 25 jaar. Hoewel die Raad so 'n stap afgekeur het, word daar nog steeds ondersoek in hierdie verband ingestel.

Intussen sal toestande by die Slagplaas betreurenswaardig bly ten spyte van die gedeeltelike herstelwerk en veranderinge waarvan die koste tans op R262,000 beraam word.

Die Slagplaaskommissie begin egter eersdaags met sy werksaamhede en daar word van ganser harte gehoop dat hy sal meewerk tot die bou van 'n nuwe slagplaas om in Pretoria se behoeftes te voorsien.

NEWEPRODUKTE:

Gedurende die jaar is nuwe regsstandaarde bepaal vir karkas- en bloedmeel en daar is bevind dat ons neweprodukte in baie gevalle nie daaraan voldoen het nie. Dit was te wyte aan die ondoeltreffendheid van ons masjinerie.

Heelwat inkomste het ook verlore gegaan weens onvoldoende vetwinning uit die karkasmeel. Die hoeveelheid neweprodukte het ook afgeneem, hoofsaaklik omdat die afgekeurde karkasse te lig was.

Daar word egter gehoop dat die vervanging van party van ons ou masjiene in die afsienbare toekoms, 'n groot verbetering in die toestand teweeg sal bring.

SIKTES:

Die meeste beeste en varke is soos gewoonlik weens masels (sistiskose) afgekeur, terwyl die meeste skaapkarkasse afgekeur is omdat die skape sterwend was voordat hulle geslag is. Hierdie toestand kom die meeste voor by skape wat aan voordoodse stremming blootgestel is. Aangesien die meeste van die skape wat na Pretoria gestuur word oor lang afstande vervoer word, het stremmingsfaktore soos vermoeidheid, ongereelde voeding, onvoldoende water, ens. sekere metaboliese versteurings tot gevolg wat die lewer en senuweestelsel beskadig. Baie van hierdie skape kan benut word deur hulle onmiddellik te slag.

Absesse as gevolg van corynebacterium (kaasagtige limfklierontsteking) kom nog dikwels voor by merinoskape, hoofsaaklik as gevolg van infeksie van skeerwonde.

Spekulante is soms verantwoordelik vir troppe ou uitgeteerde skape wat gestuur word om geslag te word.

Daar was 'n afname in die aantal maselagtige beeskarkasse. Dit mag grotendeels toe te skryf wees aan 'n algemene afname in die totale aantal beeste wat uit die droogtegeteisterde noorde gebring is, waarvandaan die meeste sistiskosekarkasse afkomstig is.

Kneusing bly steeds 'n hooforsaak van afkeuring. Die lang afstande wat diere vervoer moet word en die feit dat so baie boere nog versuim om hulle beeste te onthoring, is die twee direkte oorsake van hierdie verlies.

Die voorkoms van beestuberkulose was baie laag en is hoofsaaklik gevind by tuberkulienpositiewe melkbeeste wat uitgesoek is uit die kuddes.

Groepe tuberkulienpositiewe beeste wat voor hulle geslag is spesifieke behandeling ontvang het, is met nadoodse inspeksies negatief bevind. Sarkosporidia-blasies is in baie karkasse teëgekom. Slegs dié wat erg besmet was en dus om estetiese redes nie verkoop kon word nie, is afgekeur.

Besnoitiose (olifanthuissiekte) het minder voorgekom as in vorige jare, moontlik om dieselfde redes as wat ten opsigte van sistiskose hierbo geld.

Die aanwesigheid van absesse in die omgewing van die lewer en niere in beeskarkasse lei dikwels tot die afkeuring van die karkas weens onvermydelike etterbesmetting.

Varktuberkulose het weer eens meer dikwels in die varke van Bantoes voorgekom en in die meeste gevalle is die infeksie tot die onderkaakse keelholte- en neklymfkliere beperk.

Die meeste van die kalfkarkasse is weens onrypheid en in 'n geringer mate weens nawelsiekte afgekeur.

Kwaadaardige gewasse in pluimvee was die hooforsaak van afkeuring.

KOELKAMERGERIEWE:

Met die beoogde verbeterings sal die verkoelingstelsel herstel word in die hoop dat dit nog 'n paar jaar lank sal hou. Om iets daar te stel wat die moeite werd is, sal 'n heeltemal nuwe seksie teen 'n groot koste opgerig moet word.

Die meeste maselagtige karkasse word nog steeds buite die Slagplaas onder toesig van die Streek-vleisinspekteur bevroes.

ALGEMEEN:

Geen georganiseerde groep vleisinspeksiestudente het gedurende die jaar onderrig by die Slagpslaa ontvang nie.

Mediese en ander studentegroepe is egter gereeld deur die Slagplaas begelei terwyl veeartseny-studente hulle vakansie-opleiding hier voltooi het.

Monsters is weer eens vir verskillende inrigtings en individue versamel.

Met die verbeterings wat nou aangebring word, sal dit hopelik moontlik wees om beeste en skape gelyktydig gedurende die jaar te slag.

Met die huidige afname in die aantal Vleisinspekteurs wat beskikbaar is, sal die aantal diere wat geslag word dalk ingekort moet word tensy hulp verleen word.

	<i>Diere geslag</i>		
	1964	1965	1966
Bulle.....	1,916	1,923	2,648
Koeie.....	33,144	35,072	29,872
Osse.....	68,762	65,827	69,576
Totaal: Beeste.....	103,822	102,822	102,096
Kalwers.....	5,872	5,226	6,298
Skape.....	240,104	273,317	274,827
Bokke.....	1,401	1,021	1,093
Varke.....	41,794	45,085	47,013
	392,993	427,471	431,327

TOENAME VAN 38,334 DIERE SEDERT 1964.
(VYF JAAR) TOENAME VAN 88,020 DIERE SEDERT 1961.

EKWINES.

	1965	1966
Donkies.....	401	750
Perde.....	1013	1041
Muile.....	9	17
	1423	1808

PLUIMVEE.

	1965	1966
Hoenders.....	43074	20929
Eende.....	1602	1015
Duiwe.....	36	23
Kalkoene.....	1929	1520
Ganse.....	31	41
Kuikens.....	533	782
Konyne.....	24	22
	47239	24332

AFGEKEURDE BEES-, SKAAP-, VARK- EN KALFKARKASSE EN -ORGANE

	<i>Beeste</i>	<i>Kalwers</i>	<i>Skape en Bokke</i>	<i>Varke</i>
Karkasse.....	1793	405	361	738
Koppe.....	2796	—	—	57
Harte.....	129	—	—	3
Binnegoed.....	6340	—	117223	791
Niere.....	248	—	—	—
Lewers.....	10761	—	105726	1321
Longe.....	6458	—	4810	31
Hartslag.....	2430	—	19104	782
Kwarte.....	344	—	519	18
Milte.....	5	—	—	—
Sterte.....	3123	—	—	—
Tonge.....	3545	—	—	1
Afval.....	1403	—	8	—
Uiers.....	14054	—	—	—
Ingewande.....	1796	—	365	—

TOTALE AFKEURINGS.

	1965	1966
Beeste.....	1.637%	1.756%
Skape en bokke.....	0.096%	0.130%
Kalwers.....	9.089%	6.43%
Varke.....	3.014%	1.570%

SISTISERKOSE (MASELS).

	1965		<i>Totaal in koelkamer behandel</i>
	<i>Totaal aangetas</i>	<i>Totaal afgekeur</i>	
Beeste.....	7566 of 7.35%	1324 of 1.288%	6242 of 6.07%
Varke.....	1364 of 3.02%	1216 of 2.697%	148 of 0.328%
	1966		
Beeste.....	6359½ of 6.23%	1456 of 1.426%	4903½ of 4.802%
Varke.....	764 of 1.625%	678 of 1.442%	86 of 0.1829%

**ORGANE VAN KARKASSE WAT MET SISTISERKOSE BESMET WAS EN IN MUNISIPALE
SLAGPLAASKOELKAMER BEHANDEL IS.**

<i>Harte</i>	<i>Lewers</i>	<i>Sterte</i>	<i>Tonge</i>	<i>Koppe</i>
4615	3850	4657	—	4415

VOORKOMS VAN TUBERKULOSE.

	1965		<i>Getal gelokaliseer</i>
	<i>Getal aangetas</i>	<i>Getal algemeen</i>	
Beeste.....	15 of 0.0145%	15 of 0.0145%	Geen
Varke.....	131 of 0.291%	67 of 0.149%	64 of 0.142%
	1966		
Beeste.....	20 of 0.0196%	20 of 0.0196%	Geen
Varke.....	53 of 0.1127%	22 of 0.0468%	31 of 0.659%

INGEVOERDE VLEIS WAT IN KOELKAS BY MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS.

Beeskarkasse.....	23	Harte.....	4
Tonge.....	5	Sterte.....	7
Lewers.....	—	Koppe.....	35
Milte.....	—		

INGEVOERDE VLEIS WAT IN ANDER KOELKAMERS AS MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS (MASELS).

Beeskarkasse.....	131	Harte.....	131
Tonge.....	131	Lewers.....	131
Sterte.....	131	Varkkarkasse.....	Geen

TOTALE AANTAL MASELAGTIGE KARKASSE EN ORGANE WAT IN ANDER KOELKAMERS AS MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS.

Beeskarkasse.....	1883	Varkkarkasse.....	Geen
Tonge.....	4644		

TOTALE AANTAL MASELAGTIGE KARKASSE WAT IN KOELKAMERS BY DIE MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS.

Beeskarkasse.....	3147	Varkkarkasse.....	86
-------------------	------	-------------------	----

INSPEKSIES BY KOELKAMERS (MASELAGTIGE KARKASSE).

Inspeksies uitgevoer.....	491
Oortredings waarmee gehandel is.....	42
Kennisgewings beteken.....	35

TOTALE GETAL BLOEDSMERE WAT ONDERSOEK IS.

Totale getal diere wat in trokke en krale gevrek het.....	353
Totale getal diere wat van buite gebring is om vernietig te word.....	2
TOTAAL.....	355
Getal bloedsmeres wat ondersoek is:	
Beeste.....	10
Skape.....	237
Varke.....	29

EKWINES AFGEKEUR.

4

GESLAGTE EKWINES.

<i>Donkies</i>	<i>Muile</i>	<i>Perde</i>
750	17	1041

AFGEKEURDE PLUIMVEE.

<i>Hoenders</i>	<i>Eende</i>	<i>Kalkoene</i>
51	2	3

SIEKTES WAAROM PLUIMVEE AFGEKEUR IS.

	<i>Hoenders</i>	<i>Eende</i>	<i>Kalkoene</i>
Peritonitis.....	2	—	—
Gangreen.....	1	—	—
Kwaadaardige gewasse.....	20	—	—
Absesse.....	2	—	2
Vermaering.....	1	—	—
Dood in hokke.....	25	2	1
Totale getal afgekeur.....	51	2	3

VERKOOPT NIEUWPRODUKTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31/12/1966.

	<i>Ton</i>	<i>lb.</i>
Karkasmeel.....	290	675
Bloedmeel.....	389	75
Vet.....	106	841
Varkhare.....	—	15,513

WERKSAAMHEDE VAN DIE GESONDHEIDSINSPEKTORAAT.

Op 31 Desember 1966 was die personeelsterkte van die Gesondheidsinspektoraat soos volg:—

Hoofgesondheidsinspekteur.....	1
Assistenthoofgesondheidsinspekteurs.....	2
Streekgesondheidsinspekteurs.....	6
Toesighoudende Gesondheidsinspekteurs.....	7
Gesondheidsinspekteurs.....	30
Leerlinggesondheidsinspekteurs.....	1
Nieblanke Gesondheidsinspekteurs.....	6
	53
	—
Bowendien is daar:—	
Senior Knaagdier- en Muskietuitroeier.....	1
Knaagdier- en Muskietuitroeiers.....	4
Bantoe-arbeiders.....	22
	80
	—
TOTAAL.....	80

By die Slagplaas:

Streekvleisinspekteur.....	1
Toesighoudende Vleisinspekteur.....	1
Vleisinspekteurs.....	7
	9
	—

Weens die tekort aan Vleisinspekteurs is dit al baie jare lank nodig om Gesondheidsinspekteurs aan die Slagplaas te leen. Die verslagjaar was geen uitsondering nie en dit was nodig om daagliks van een tot drie Gesondheidsinspekteurs aan die Slagplaas te leen ten einde die werk daar te behartig. Hierdie gedwonge uitleen van personeel het die moeilikhede vererger wat geskep is deur die onvermoë om die vakatures in die Afdeling aan te vul.

Ten spyte van die moeilikhede wat deur die ernstige personeeltekort veroorsaak is, het die gesondheidstoestande in die stad bevredigend gebly en die volgende bladsye skets taamlik uitvoerig die werk wat deur die verskillende seksies van die Gesondheidsinspektoraat uitgevoer is. Afsonderlike hoofstukke oor aansteeklike siektes en melkbeheer sal elders in hierdie verslag aangetref word.

OPSOMMING VAN INSPEKSIES DEUR DIE GESONDHEIDSINSPEKTORAAT.

Hier volg 'n opsomming van die inspeksies deur die Distriksgesondheidsinspekteurs, Slum- en Behuising-, Aansteeklike Siektes-, Voedsel-, Plaagbeheer- en Nieblankegebiedseksies gedurende die kalenderjaar 1966. (Syfers vir vorige jaar tussen hakies):—

Totale getal inspeksies gedoen (melkery uitgesluit).....	90998	(115792)
Oorlaste waarmee gehandel is.....	30502	(35835)
Oorlaste weggeruim.....	29871	(35038)
Klagtes waarmee gehandel is.....	5046	(5753)
Lisensie-aansoeke waarmee gehandel is.....	5284	(6149)
Monsters geneem van water (bakteriologies en skeikundig).....	398	(479)
Monsters geneem van eetware (melk uitgesluit).....	446	(592)
Navraagbesoeke insake aansteeklike siektes.....	3916	(3497)

AANGELEENTHEDE NA ANDER AFDELINGS OF AFDELINGSHOOFDE VERWYS.

Stadsingenieur.....	174
Lisensiehoof.....	33
Afdeling Nieblankesake.....	58
Afdeling Parke en Ontspanning.....	27
Verkeershoof.....	8
Stadselektrisiteitsingenieur.....	20
Afdeling Stadsbeplanning en Argitektuur.....	94
Brandweerhoof.....	3
Vervoerafdeling.....	1
Klerk van die Raad.....	1

VERVOLGINGS:

Hier volg 'n ontleding van die vervolgings wat die Afdeling gedurende 1966 ingestel het en die resultate daarvan:—

<i>Aard van oortreding</i>	<i>Totale getal ver- volgings</i>	<i>Getal skuldig bevind</i>	<i>Getal onskuldig bevind</i>	<i>Terug- getrek</i>	<i>Gewaarsku en ontslaan</i>	<i>Boetes R c</i>
Blootstelling van voedsel aan besmetting.....	5	5	—	—	1	50.00
Aanbieding van bederfde voedsel vir verkoop.....	1	1	—	—	—	10.00
Toelaat van vlieëbroeiery op perseel.....	2	2	—	—	2	
Aanhou van pluimvee sonder 'n permit.....	1	1	—	—	—	4.00
Versuim om aan kennisgewing te voldoen.....	33	31	—	2	14	112.00
Verkoop van roomys met onvoldoende melkvet.....	1	1	—	—	—	2.00
Oormatige preserveermiddel in boerewors.....	1	1	—	—	—	5.00
Versuim om bakkerijprodukte gedurende aflewering te beskerm	2	2	—	—	—	6.00
Vuil toestande in restaurant....	1	1	—	—	—	10.00
Versuim om bouerslatrines te verskaf.....	7	6	—	1	—	70.00
Vuil toestande in slaghuis.....	1	1	—	—	—	15.00
Versuim om perseel in goeie toestand van herstel te hou.....	1	1	—	—	—	10.00
Bewoning van buitegeboue.....	1	1	—	—	1	—
TOTAAL.....	57	54	—	3	18	294.00

OPMERKING:

Een saak is teruggetrek omdat die beskuldigde, 'n bouer, bevredigende reëlins getref het vir die verskaffing van latrines vir die werkers op die perseel.

Twee sake is op versoek van die Hof teruggetrek omdat die beskuldigde voor die datum van verhoor aan al die vereistes voldoen het.

GELISENSIEERDE PERSELE:

Hier volg 'n lys van persele en die getal van elkeen wat gedurende die jaar gelisensieer is. Die persele is met gereelde tussenpose geïnspekteer en daar is paslik opgetree om, waar nodig, enige onbevredigende toestande reg te stel:—

	<i>Blankes</i>	<i>Nieblankes</i>
Bakkers en banketbakkers (insluitende depots).....	17	2
Biljartsalonne.....	4	—
Bioskoopteekamers.....	3	—
Losieshuise.....	76	—
Steenbakkers.....	5	—
Slagters.....	199	24
Skoenmakers.....	60	18
Melkerye.....	93	17
Droogskoonmaak-ontvangdepots.....	106	16
Velhandelaars.....	1	—
Visbakkers (groot- en kleinhandel).....	4	—
Vishandelaars.....	58	1
Varsproduktehandelaars.....	605	164
Fumigeerders en ontsmetters.....	4	—
Haarkappers.....	210	24
Marskramers en venters.....	69	6
Hotelle.....	29	—
Roomysvervaardigers.....	2	—
Roomysverkopers.....	250	24
Wasserye en droogskoonmakers.....	49	6
Markstalletjies.....	—	44
Melkprodusente.....	381	2
Melkwinkels.....	229	44
Meulenaars.....	5	—
Koeldrankhandelaars.....	199	41

Koeldrankvervaardigers.....	3	1
Bantoe-eethuise.....	6	35
Pluimveehandelaars.....	59	—
Lewensmiddelehandelaars.....	506	219
Lewensmiddelefabrieke.....	18	3
Openbare sale en vermaaklikheidsplekke.....	23	—
Restourante en teekamers.....	385	75
Handelaars in tweedehandse goedere.....	121	—
Leerlooierye.....	2	—
Teaters (inryteaters inbegrepe).....	21	5
Begrafnisondernemers.....	5	1
Werkwinkels.....	385	6

BOUPLANNE:

Die volgende is 'n opsomming van die planne wat gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1966 ondersoek is:

<i>Eerste keer voorgelê</i>	<i>Verdere voorlegging</i>	<i>Voorlopige planne</i>	<i>Deur argitekte</i>	<i>Nieblanke- gebiede</i>	<i>TOTAAL</i>
3201	553	1	15	563	4333

VROEËOGGEND- EN AANDINSPEKSIES:

Afgesien van die normale daaglikse inspeksies by die verskillende soorte persele, het die Distriks-gesondheidsinspekteurs minstens een keer per maand vroeëoggend-inspeksies waargeneem, en daarbenewens, wanneer nodig, saans of snags inspeksies uitgevoer, veral by plekke waar voedsel voorberei of bedien is.

Dit was deel van die normale pligte van inspekteurs, veral in die Voedselseksie, om inspeksies by hotelle, losieshuise, restourante en ander plekke waar voedsel bedien word, gedurende middagetensure, vroeg saans en snags uit te voer.

Die onderstaande tabel dui die soorte persele aan wat geïnspekteer is en die getal buitenstydse inspeksies wat gedurende die jaar uitgevoer is:—

<i>Soort inspeksie</i>	<i>Totale getal inspeksies</i>	<i>Bevredigende bevind</i>	<i>Nie bevredigend nie</i>
Slagterswinkels.....	659	540	119
Restourante en teekamers.....	423	273	150
Varsproduktehandelaars.....	49	31	18
Hotelle.....	51	44	7
Voedselaflewerings.....	137	120	17
Bantoe-eethuise.....	29	20	9
Bakkerye.....	7	6	1
Viswinkels.....	9	4	5
Algemeen.....	33	22	11
Melkerydepots.....	24	20	4
Eienaars van koeie.....	10	7	3
TOTAAL.....	1431	1087	344
Voedselseksie (verskillende persele):			
Naginspeksies.....	96	92	4
Middagetensuurinspeksies.....	249	206	43
Vroeëoggend-inspeksies.....	23	20	3
GROOTTOTAAL.....	1799	1405	394

Die volgende tabel verstrek 'n opsomming van die inspeksies uitgevoer en stappe gedoen deur die Distriksgesondheidsinspekteurs gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1966.

Oorlaste waarmee handel is.....	15213
Kennisgewings bestel.....	1971
Aansegings bestel.....	13242
Kennisgewings nagekom.....	1729
Oorlaste weggeruim.....	14971
Oorlaste weer geïnspekteer.....	7611
Klagtes waarmee handel is.....	4336
Sianiedfumigeerders.....	10
Gebouvoltooiingstrookies.....	27
Lisensie-aansoeke.....	4382
Stalle.....	184
Slagterswinkels.....	5194
Vishandelaars.....	829
Bakkerye.....	570
Restourante en teekamers.....	6434

Losieshuise	748
Kruideniers- en lewensmiddelewinkels	3615
Vrugte- en groentewinkels	4162
Fabrieke	961
Haarkappersalonne	1213
Melkerydepots en melkwinkels	611
Diverse inspeksies	3846
Aangeleenthede wat na ander Afdelings verwys is	577
Naginspeksies	3045
Vroeëoggend-inspeksies	409
Huis-tot-huis-inspeksies	1630
TOTALE INSPEKSIES	50349

PLAAGBEHEER DEUR DISTRIKSGESONDHEIDSINSPEKTEURS:

Hier volg 'n opsomming van die werk wat deur die Distriksgesondheidsinspekteurs in verband met knaagdiere-, vlieë- en muskietbeheer verrig is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1966:—

Knaagdiere:	
1. Klagtes ondersoek	327
2. Persele geïnspekteer en advies gegee	1889
3. Kennisgewings en aanseggings om valle of gif te gebruik	975
4. Kennisgewings wat vereis dat persele knaagdiervry gemaak word	264
5. Kennisgewings bestel ooreenkomstig 3 en 4 hierbo waaraan voldoen is	257
6. Bestaande geboue voorsien van knaagdierwering	201
7. Nuwe geboue met knaagdierwering voltooi	162
8. Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	4
9. Ophoping van vuilgoed of hout waar daar moontlik knaagdiere kan skuil, skoongemaak of verwyder	978
10. Getal knaagdiere gedood of as gedood gerapporteer	2501
11. Voedselblikke met rotwering vir diere verskaf	82
12. Sake na plaagbeheer verwys	14
13. Sake in verband met knaagdierbeheer na ander Afdelings verwys	8
Muskiete:	
1. Klagtes ondersoek	200
2. Inspeksies uitgevoer	841
3. Kennisgewings en aanseggings uitgereik	307
4. Kennisgewings ooreenkomstig 3 hierbo bestel en voldoen aan	30
5. Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	—
6. Broeiplekke uitgeskakel	269
7. Advies gegee betreffende muskietbeheer	455
8. Soort muskiet gevind	Culex
Vlieë:	
1. Klagtes ondersoek	106
2. Inspeksies uitgevoer	446
3. Kennisgewings en aanseggings uitgereik	183
4. Kennisgewings ooreenkomstig 3 hierbo bestel, en voldoen aan	23
5. Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	2
6. Broeiplekke uitgeskakel	163
7. Advies gegee betreffende vlieëbeheer	263

VOEDSELSEKSIE:

Hierdie Seksie is verantwoordelik daarvoor om te sorg vir die higiëniese produksie, hantering en verspreiding van voedsel deur die hele Stad en het dikwels alle soorte persele en voertuie wat met die voedselhandel te make het, geïnspekteer.

Alhoewel hierdie Seksie 'n hele jaar lank te min personeel gehad het, is alle moontlike pogings aangewend om die toesig wat nodig is om sindelikeheid in plekke wat met voedsel te make het, te handhaaf.

Groot hoeveelhede voedsel, waarvan besonderhede hieronder verstrek word, is aan die Afdeling uitgelewer of daar is beslag daarop gelê omdat dit nie vir menslike verbruik geskik was nie. Dit is afgekeur en vernietig.

'n Gesondheidsinspekteur het daagliks die vroeëoggendmark bygewoon waar daar op groot hoeveelhede voedsel beslag gelê is. Dit is as ongeskik vir menslike verbruik afgekeur en vernietig.

Gereelde inspeksies van restaurante, hotelle, losieshuise en ander voedselinrigtings gedurende etensure, terwyl voedsel voorberei en bedien word, is deur die hele jaar uitgevoer. Aandag is veral geskenk aan die toerusting wat gebruik is, die hantering en voorbereiding van voedsel, die opwas van gereedskap, messeware en breekware, en die persoonlike netheid van die betrokke personeel.

Gereelde monsters van openbare watervoorrade is by hulle bronne en ook by verskillende plekke deur die hele netwerk geneem.

Die water in die tien swembaddens en plasdamme is gereeld getoets om die doeltreffende werking van die suiweringsinstallasies te verseker.

Die neem van monsters van die water uit private boorgate, waarvan daar net 'n paar is, is gedoen wanneer dit as nodig beskou is en wanneer monsters nie aan die standaard voldoen het nie, is daar van die eienaars verlang om die chloreringstoerusting reg te stel, of, soos dit met die meeste geval was, om die gebruik van boorgate vir huishoudelike doeleindes te staak en die persele met die Stad se netwerk te verbind.

Die aangehegte tabelle gee 'n uiteensetting van die soorte voedselmonsters wat gedurende die jaar vir bakteriologiese of skeikundige ontleding geneem is. Waar 'n monster onder standaard was, het 'n waarskuwing of vervolging gevolg.

Oor die algemeen was die voorbereiding, hantering en opberging van voedselware bevredigend, maar gedurende waaksaamheid is nodig om bevredigende toestande te verseker.

Altesaam 84 uur is aan spesiale nag-, vroeëoggend- en middagetensuurinspeksies bestee.

Hier volg 'n tabel met besonderhede van dié werk:—

Oortredings in verband waarmee opgetree is.....	50
Kennisgewings bestel.....	—
Aanseggings gegee.....	50
Oortredings weggeruim.....	50
Herinspeksies.....	1
Restourante en teekamers.....	204
Gelisensieerde hotelle.....	24
Privaathotelle en losieshuise.....	46
Banketbakkers.....	50
Bakkerie.....	22
Slagterye.....	5
Lewensmiddelefabrieke.....	6
Voedselaflewering.....	10
TOTAAL.....	368

Die volgende tabel gee 'n ontleding van die tye van die dag toe inspeksies uitgevoer is:—

	<i>Getal</i>	<i>Bevredigend</i>	<i>Nie heeltemal bevredigend nie</i>
Naginspeksies.....	96	92	4
Middagetensuurinspeksies.....	249	206	43
Vroeëoggend-inspeksies.....	23	20	3

Altesaam 398 besendings eetware (behalwe dié waarop by die oggendmark beslag gelê is), is uitgelewer of daar is beslag op gelê en die ondergemelde eetware is as ongeskik vir menslike verbruik afgekeur en vernietig:—

Konfyt.....	} 38547 blikke en bottels	
Vleis.....		
Vis.....		
Vrugte.....		
Groente.....		
Melk.....		
Diverse eetware in bottels en blikke.....		
Pluimvee.....		1931 lb.
Vleis — vars en voorberei (behalwe in blikke).....		2901 lb.
Kaas.....		8076 lb.
Graankosse.....		1904 lb.
Gedroogte vrugte.....		610 lb.
Vis (vars).....		2011 lb.
Groente (vars, bevrore).....		2733 lb.
Lekkergoed.....		175 lb.
Botter.....		156 lb.
Margarien.....		34 lb.
Room.....		10 gelling
Grondboontjies.....		30 lb.
Grondboontjiebotter.....		88 lb.
Suiker.....		46 lb.
Mielie-meel.....		10 lb.
Poeiermelk.....		172 lb.
Roomys.....		71 bakkies
Beskuitjies.....		72 lb.
Speserye.....		55 lb.
Tee.....		10 lb.

Van die bogemelde is op vyf besendings eetware, bestaande uit 29 blikke en 4 lb. wors, beslag gelê daar dit as ongeskik vir menslike verbruik bevind is. Dit is afgekeur en vernietig. In al die gevalle is skriftelike waarskuwing aan die lisensiehouer uitgegelyk.

VOEDSEL EN WATERMONSTERS:

Die ondergemelde voedselmonsters is vir skeikundige en bakteriologiese ontleding geneem:

Skeikundige Ontleding:

<i>Aard van Artikel</i>	<i>Getal monsters</i>	<i>Getal bevredigend</i>	<i>Getal onbevredigend</i>
Roomys.....	108	94	14
Boerewors.....	116	103	13
Gemaalde vleis.....	67	64	3
Weense worsies.....	28	28	—
Polonie.....	9	8	1
Kaas.....	8	8	—
Peper.....	1	1	—
Heuning.....	1	1	—

Bakteriologiese Ontleding:

Roomys.....	108	91	17
-------------	-----	----	----

Daar is altesaam 46 waarskuwings uitgereik en twee vervolgings is ingestel in verband met monsters wat nie aan die vereistes van die Wet op Voedsel, Verdoeringsmiddels en Ontsmettingsmiddels en ander Regulasies wat op voedsel van toepassing is, voldoen het nie.

MUNISIPALE WATERLEWERING:

	<i>Bevredigend</i>	<i>Onbevredigend</i>	<i>Totaal</i>
Rietvleiwaterwerke:			
(Na filtrering, maar voor chlorering).....	2	4	6

	<i>Bevredigend</i>	<i>Onbevredigend</i>	<i>Totaal</i>
Witkoppiesbrug.....	2	2	4

Hierdie spruit wat in die Rietvleidam vloei, word versigtig dopgehou om teen grootskaalse besoe-
deling van die dam te waak.

Fonteine:

(a) Boonste fontein (voor chlorering).....	7	—	7
(b) Onderste fontein (voor chlorering).....	3	4	7
(c) Gemengde water (na chlorering — sluit in water van Fontein, Rietvlei en Grootfontein)	7	—	7

Krane in Stad:

In verskillende dele van die Stad.....	19	—	19
--	----	---	----

Ander munisipale leweringsplekke:

(a) Mamelodi-opbergtenks.....	17	4	21
(b) Munisipale baddens.....	75	7	82
(c) Munisipale plasdammietjies.....	29	2	31
(d) Rooiwal.....	21	—	21
(e) Munisipale klipgroef (Bon Accord).....	13	—	13
(f) Valhalla-boorgate en in die dorp.....	13	—	13
(g) Erasmia-fontein en in die dorp.....	14	—	14

Randse Waterraad:

Uit hooftoevoerpylyn.....	13	2	15
---------------------------	----	---	----

Op private persele:

Boorgate.....	13	2	15
---------------	----	---	----

Die eienaars van verdagte boorgate is gedwing om by die Stad se voorraad aan te sluit tensy hulle die water doeltreffend kan chloreer.

Riooluitvloei wat vir verkoelingsdoeleindes na die Kragentraledam gepomp is:

(a) Na filtrering en chlorering by rioolwerke....	—	5	5
(b) Na filtrering en chlorering by Kragentrale- dam.....	—	5	5

Hierdie riooluitvloei word gefiltreer, gechloreer en na die Kragentraledam gepomp vir verkoelingsdoeleindes. Dit word nie vir kook- of huishoudelike doeleindes gebruik nie.

	<i>Bevredigend</i>	<i>Onbevredigend</i>	<i>Totaal</i>
Skeikundig:			
(a) Munisipale swembaddens.....	82	—	82
(b) Munisipale plasdammietjies.....	31	—	31

MUNISIPALE MARK:

Daaglikse inspeksies van al die produkte op die vroeëoggendmark is uitgevoer en die volgende hoeveelhede eetware is gedurende die jaar afgekeur en vernietig:—

Vrugte en groente:			
Kaste.....	8570	Graansakke.....	33
Suikersakkies.....	3900	Sakkies.....	32891
Kratte.....	2355	Bondels.....	85
Hope.....	3	Handmandjies.....	374
Pluimvee (lewend):		Wildsbokke:	
Getal ondersoek.....	45508	Getal ondersoek.....	728
Getal afgekeur.....	26	Getal afgekeur.....	12
Wild (voëls):			
Getal ondersoek.....	24		
Getal afgekeur.....	2		

Hier volg 'n weergawe van die werk wat gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1966 deur die Voedselseksie gedoen is.

Oortredings waarmee handel is.....	1801
Oortredings weggeruim.....	1792
Kennisgewings bestel.....	159
Aansegings gegee.....	1642
Herinspeksies.....	159
Klagtes waarmee handel is en advies gegee.....	178
Lisensie-aansoeke waarmee handel is.....	252
Inspeksie van slaghuise.....	196
Inspeksie van vishandelaarwinkels.....	146
Inspeksie van bakkerye.....	284
Inspeksie van banketbakkerye.....	81
Inspeksie van restaurante en teekamers.....	2150
Inspeksie van Bantoe-eethuise.....	176
Inspeksie van vrugte- en groentewinkels.....	287
Inspeksie van melkwinkels en melkdepots.....	6
Inspeksie van ander voedselwinkels.....	1502
Inspeksie van koeldrankfabrieke.....	191
Inspeksie van ander voedselafwerke.....	637
Inspeksie van oggendmark.....	297
Diverse inspeksies.....	759
Etensuurinspeksies.....	249
Naginspeksies.....	96
Vroeëoggend-inspeksies.....	23
Hotelle en losieshuise.....	486
Monsters geneem.....	809
TOTAAL.....	8964

PLAAGBEHEERSEKSIE:**Muskietbestryding:**

Roetine-muskietbestrydingsmaatreëls wat gedurende die jaar uitgevoer is, behels die verwydering van plantegroei van die walle van spruite, watervore, besproeiingsdamme, die dreinerings van moerasse, afskuinsing van watervore, opvul van gate en dongas waarin water kan opgaar en broeiplekke vir muskiete bied, asook die bespuiting met insektmiddels van alle broeiplekke wat aangetref was.

Beheer moet tans oor 'n geweldige uitgestrekte gebied gehandhaaf word. Alle spruite, damme en ander moontlike broeiplekke van muskiete is gereeld een keer per week bespuit. Bespuiting het geskied vanaf 2 Januarie 1966 tot einde Mei en is weer hervat op 17 September en volgehou tot 31 Desember 1966.

Pretoria het 'n baie droë voorjaar beleef en moontlike broeiplekke van muskiete is goed onder beheer gehou. Die laaste drie maande van die jaar het reën mildelik geval en het menige broeiplek ontstaan met die gevolglike voorkoms van die muskietplaag. Klagtes het geweldig toegeneem en by ondersoek is broeiplekke grotendeels op privaatpersele in ou blikke, buitebande, swembaddens, ongebruikte visdamme asook in septiese tenks aangetref. Alle broeiplekke wat gevind is, is behandel. Die bewoners van eiendomme waar misstande aangetref is, is van advies bedien en mondelinge of skriftelike waarskuwings is uitgereik. In geen geval was dit egter nodig om geregtelike stappe teen persone te neem weens versuim om aan kennisgewings te voldoen nie.

Twee honderd en vyftig gelling M25-emulsiekonsentraat en 180 gelling antimalaria-olie is gebruik. Die muskietplaag het die meeste in die ingelyfde gebiede voorgekom waar intensiewe maatreëls nie toegepas kon word nie weens die tekort aan personeel en besnoeiing in die begroting.

Vierhonderd en vyftig gate en dongas is gedurende die jaar gevul om te verhoed dat water daarin kan opgaar en om potensiele broeiplekke te voorkom.

Sew-en-negentig klagtes is ondersoek en die nodige bestrydingsmaatreëls is uitgevoer. Hierdie klagtes het hoofsaaklik gedurende die laaste helfte van die jaar voorgekom na die groot reën.

Twaalf kleinhoewes binne die munisipale gebied wat deur groenteboere bewerk word sowel as die vuurhoutjiefabriek in Pretoria-Wes, die watervore van Les Marais-waterraad, die spruit wat deur die Universiteitsproefplaas vloei, spoorwegwerwe te Capital Park en Pretoria-sentraal is weekliks besoek en bestrydingsmaatreëls toegepas. Die boere op die kleinhoewes, die bestuurder van die vuurhoutjiefabriek, die Universiteitsproefplaas en die Les Marais-waterraad, het almal hulle volle ondersteuning verleen en die vereiste gelde vir die dienste betaal.

KNAAGDIERBESTRYDING:

Die bestrydingsmaatreëls behels die bestryding van knaagdiere op alle munisipale eiendomme, soos byvoorbeeld alle kantore te Munitoria, die stadsaal, die munisipale kantore in Pretoriusstraat, Nieblanksakekantore, buswerkwinkels, slagplaas, rioolwerke (sentraal asook Rooiwal), Rietvleiwaterwerke, Fonteinedal, Nieblankegebiede en ook Laudium.

Drieduisend vyfhonderd twee-en-tagtig inspeksies is gedurende die jaar uitgevoer. Seweduisend vyfhonderd eenhede lokaas is geplaas waarvan 3,615 deur knaagdiere gevreet is. Sewehonderd ses-en-vyftig knaagdiere is gevind. Die aantal wat gedood is, sal egter hierdie getal ver oorskry aangesien 'n groot aantal karkasse nie gevind kon word nie.

Ses-en-dertig klagtes is gedurende die jaar van persone op privaat persele ontvang. Alle klagtes is ondersoek en die nodige mondelinge of skriftelike kennisgewings betreffende bestrydingsmaatreëls is uitgereik. Alle kennisgewings is nagekom.

Agt-en-dertig opeenhopings van vullis wat skuilplek vir knaagdiere gebied het, is opgeruim en verwyder.

Twee-en-vyftig aansoeke deur persone wat geboue wou sloop, is ontvang en na ondersoek is die vereiste „knaagdiervrysertifikate” uitgereik, wat toestemming verleen om voort te gaan met die sloping van sodanige geboue.

BESTRYDING VAN VLIEË, KAKKERLAKKE, WEELUISE, VISMOTTE, MIERE, TAPYTKEWERS, KRIEKE, SKERPIOENE, VLOOIE, BOSLUISE, VLERMUISE, ENS.

Alle munisipale eiendomme is gereeld een keer per maand besoek en waar tekens van bogenoemde insekte gevind is, is onmiddellik bestrydingsmaatreëls getref. Altesaam 52 munisipale geboue is gedurende die jaar behandel.

Waar klagtes van persone op privaat persele ontvang is, is die persone van advies bedien en die nodige bestrydingsmaatreëls voorgeskryf.

In sommige gevalle waar oues van dae, blinde of gebrekklike mense nie in staat was om doeltreffende maatreëls toe te pas nie, is aktiewe hulp verleen en die misstande uit die weg geruim.

BILHARZIA:

In die ou Pretoriase gebied is geen Bilharziadraende slakke aangetref nie. Bilharziadraende slakke is egter in die Morelettaspruit in die omgewing van Lynnwood Manor, Meyerspark en Silverton gevind. Die slakke is na die Mediese Navorsingsinstituut in Johannesburg gestuur vir ontleding maar nie een van hulle was met die Bilharzia-parasiet besmet nie.

Ondersoeke is ook by Rietvleidam en Fonteinedal asook by die Austin Roberts-voëlpark uitgevoer maar geen Bilharziadraende slakke is gevind nie.

'n Statistiese uiteensetting van die werksaamhede gedurende die jaar is hierby aangeheg.

KNAAGDIERBEHEER:

	<i>Totaal vir Jaar</i>
Oortredings waarmee gehandel is.....	36
Oortredings weggeruim.....	36
Aansegginge gegee.....	36
Perseel herinspekteer.....	—
Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee.....	36
Nuwe knaagdiervrye vloere in graan-, meel-, voer- of ander pakkamers aangebring..	—
Vloere herstel of mure of dakke knaagdierwerend gemaak in meel-, graan- of voerpakkamers.....	—
Nie-knaagdiervrye graan-, voer- of ander pakkamers gesloop.....	—
Ophopings van vuilgoed of hout wat rotte mag huisves, skoongemaak en verwyder...	38
Diverse inspeksies.....	844
Inspeksie van munisipale persele.....	2612
Knaagdieropruiminginspeksie.....	52
TOTALE INSPEKSIES VIR DIE JAAR.....	3582
Gifaas op dorpsveld gestel.....	7500
Getal aaslokvalle geneem.....	3615
Rotgate op dorpsveld, ens. met gas behandel.....	—
Persele in stad met gas behandel.....	—
Getal knaagdiere op munisipale persele vernietig.....	756
Getal diere onder verdagte omstandighede aangetref en ingestuur vir bakteriologiese ondersoek.....	—
Getal vervolgings.....	—

MUSKIETBEHEER:

	<i>Totaal vir Jaar</i>
Oortredings waarmee gehandel is.....	97
Oortredings weggeruim.....	97
Kennisgewings bestel.....	—
Aansegings gegee.....	97
Persele herinspekteer.....	—
Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee.....	97
Nagaan van damme waar onkruid verwyder is.....	935
Nagaan van damme wat bespuit is.....	519
Nagaan van besproeiingsvore wat skoongemaak is.....	933
Nagaan van besproeiingsvore wat bespuit is.....	473
Nagaan van dreinerings van moerasgebiede.....	44
Nagaan van bespuiting van moerasgebiede.....	25
Gate en holtes opgevol.....	450
Huise wat vir muskietbeheer bespuit is.....	—
Spesiale ondersoek om muskiete te identifiseer.....	—
Inspeksies in verband met malaria-aanmelding.....	—
Diverse inspeksies.....	626
Bespuiting teen insekte.....	32
Vroeëoggend-inspeksies.....	—
TOTALE INSPEKSIES VIR DIE JAAR.....	4134

SLUMOPRUIMING.

Die Afdeling het, ten spyte van die voortgesette fenomenale ontwikkeling van die stad, 'n suksesvolle jaar ondervind in sy pogings om die hoë standaard van behuising te handhaaf en ons het daarin geslaag om, ondanks die nypende tekort, die aantal slumwoningen en ander onwenslike soorte huisvesting tot 'n minimum peil te verlaag.

Die gebrek aan geskikte huisvesting vir die laerinkomstegroep en veral die mense met groot gesinne, wêreks steeds kommer aangesien die meeste van die slumwoningen en buitegeboue deur gesinne in dié kategorie geokkupeer word. Hoë boukoste en die tekort aan goedkoop erwe maak dit ekonomies moeilik vir hierdie groep om self huise te bou en ook vir ander instansies om hulle van geskikte wonings te voorsien.

Geringe slumtoestande is die gevolg van oorbewoning, ontoereikende kook-, was- en skoonmaakgeriewe en onbehoorlike skeiding van geslachte en kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die huidige tekort aan huisvesting vir die middel- en laerinkomstegroepe.

Die bewoning van buitegeboue en ander ongewenste huisvesting in private agterplase is skynbaar aan die toeneem en hierdie neiging veroorsaak steeds kommer.

Die redes vir die genoemde toestande is skynbaar die voortdurende instroming van mense na stede as gevolg van die aanhoudende droogtetoeestande, die instroming van mense van aangrensende gebiede, immigrante van oorsee en die geweldige uitbreiding van die stad se nywerheids- en besigheidsgebiede.

Dit is uiters moeilik om mense te help wat onder die voormelde onbevredigende toestande woon en alhoewel die bepalinge van die Slumsregulasies baie maklik op sulke eiendomme van toepassing gemaak kan word, sou dit net aanleiding gee tot dergelike of erger toestande elders deur dieselfde gesinne, tensy hulle behoorlik hervestig kan word.

Hoewel 'n groot aantal kennisgewings aan eienaars en bewoners weens oortreding van die Slumswet en die munisipale Slumsregulasies bestel is, was daar geen rede vir besorgdheid nie, aangesien die meeste kennisgewings nagekom en drastiese optrede slegs in baie uitsonderlike gevalle vereis is.

Ten spyte van die akute personeeltekort, is daar gedurende die jaar 'n volledige opname van die posisie ten opsigte van slumwoningen in die gebiede Riverside (nou bekend as Jan Niemand-park), Eersterust (d.w.s. die gedeelte suid van die spoor) en van die noordelike gedeelte van Claremont, gemaak. Met uitsondering van Claremont en die Eersterustgebied (waar die Stadsraad eiendomme aangekoop en gesloop het), is die nodige kennisgewings ingevolge die Slumswet en -regulasies aan eienaars bestel om aan vereistes van hierdie Afdeling te voldoen. Met betrekking tot die Eersterustgebied is die aangeleentheid na sorgvuldige beraadslaging nog hangende en geniet dit nog die aandag van sekere Staatsdepartemente. Toestande alhier is baie swak en sorgwekkend, maar daar word vermoed dat uitsluitel eersdaags hieroor verkry sal word. Die Stadsraad het in die besondere gedeelte van Claremont wat deur Kleurlinge en Asiate bewoon was, die eiendomme aangekoop, bewoners hervestig en alle swak geboue gesloop. Groot vordering is reeds hier gemaak en die gebied sal heelwaarskynlik vroeg volgende jaar opgeruim wees. Die beplanning van hierdie besondere gedeelte van Claremont geniet ondertussen nog die Raad se aandag.

Eienaars van persele wat as erge slumpersele beskou word, het baie goeie samewerking verleen en baie van hierdie wonings en ander geboue wat vir woondoeleindes gebruik was, is gesloop nadat die nodige permitte daarvoor verkry was. Onder die omstandighede was dit nie vir hierdie Afdeling nodig om sake aanhangig te maak vir voorlegging aan 'n Slumsopruimingshof nie. Heelwat geringe slumwoningen is ook gesloop om plek te maak vir nuwe wonings, woonstelle, besighede en ander geboue.

Gedurende die jaar is 131 eiendomme deur die Raad aangekoop en/of onteien om grond beskikbaar te stel vir voorgestelde pad- en ander skemas wat die Raad wil ontwikkel. Hierdie eiendomme is deur die Slumseksie geïnspekteer en verslae oor hul strukturele toestand is voorgelê. Sommige van die eiendomme het op een of ander stadium die aandag van hierdie Afdeling geniet ingevolge die bepalinge van die Slumswet en die Slumsregulasies. Al die erge slumeiendomme wat aldus verkry word, word gesloop sodra die geboue ontruim word.

Volledige statistiese opgawes rakende wonings wat as erge slumpersele beskou word en oor bewoonde buitegeboue word hieronder verstrek.

INDELING EN VOORKOMSSYFER VAN BEKENDE ERGE SLUMEIENDOMME EN GEOKKUPEERDE BUITEGEBOUE IN BLANKEGEBIEDE:

A. Erge slumeiendomme:

Voorstad	Herstel		Omgeskakel		Gesloop		Getal afge- handelde erge slums		Bewoon		Ongewoon		Getal bekende erge slums	
	1965	1966	1965	1966	1965	1966	1965	1966	1965	1966	1965	1966	1965	1966
Arcadia	—	—	—	—	1	—	1	—	2	—	—	2	2	2
Gezina	—	—	—	—	2	—	2	—	3	—	2	—	5	—
Goedehoop	—	—	—	—	3	6	3	6	24	20	4	6	28	26
Parktown	—	—	—	—	—	2	—	2	—	—	2	—	2	—
Pretoria-sentraal	—	—	—	1	10	3	10	4	6	3	4	5	10	8
Pretoria-Wes	—	—	—	2	4	4	4	6	3	6	4	1	7	7
Skouterrein	—	—	—	—	—	104	—	104	85	—	66	47	151	47
Rietfontein	2	—	—	—	3	3	5	3	2	1	1	—	3	1
Riviera	—	—	—	—	—	1	—	1	—	—	1	—	1	—
Sunnyside	—	—	—	—	4	9	4	9	2	8	—	6	2	14
Villieria	—	1	—	—	—	1	—	2	1	—	1	—	2	—
Wonderboom-suid	2	—	—	—	3	1	5	1	1	1	2	2	3	3
Booysens	1	—	—	—	—	1	1	1	1	1	1	—	2	1
Claremont	—	—	—	—	1	—	1	—	5	5	—	—	5	5
Daspoort	—	—	—	—	1	1	1	1	1	2	1	3	2	5
Daspoort-landgoed	—	—	—	—	—	—	—	—	3	3	1	1	4	4
Hermanstad	1	—	—	—	1	3	2	3	1	2	—	—	1	2
Mountain View	1	1	—	—	3	3	4	4	3	1	2	1	5	2
Pretoria Gardens	1	—	—	—	1	—	2	—	—	—	—	—	—	—
Despatch	—	—	—	—	—	3	—	3	—	—	1	—	1	—
East Lynne	—	—	—	—	1	2	1	2	2	7	1	1	3	8
Pretoria-Noord/Wolmer	—	—	—	—	—	13	—	13	88	75	6	6	94	81
Riverside	—	—	—	—	3	6	3	6	—	9	1	4	1	13
Silverton	—	—	—	—	2	4	2	4	11	6	3	7	14	13
Wonderboom-plotte	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1	—	—	1	1
GROOTTOTAAL	8	2	—	3	43	170	51	175	160	151	38	92	198	243

OPMERKINGS: Besonderhede rakende wonings en ander strukture wat in die gebiede Eersterust (gedeelte suid van die spoor) en Claremont (noordelike gedeelte) gesloop is of wat nog bewoon word, is nie by die voorgaande opgawe ingesluit nie.

Met afsluiting van die verslagjaar was die stand van sake in voorgenoemde gebiede soos volg:—

Eersterust: Gedeelte suid van die spoor:—

(a) Wonings/strukture bewoon (getal vertrekke van elk wissel van 1 tot 24).....	82
(b) Wonings/strukture gesloop.....	8
(Despatch: aangrensend aan voorgenoemde gedeelte van Eersterust: Strukture gesloop...)	(6)

Claremont: Noordelike gedeelte:—

(a) Erge slumeiendomme:	
(i) wonings/buitegeboue gesloop.....	16
(ii) wonings/buitegeboue bewoon.....	22
(iii) wonings onbewoon.....	1
(b) Ander eiendomme wat in 'n swak strukturele toestand is:	
(i) wonings/buitegeboue gesloop.....	15
(ii) wonings/buitegeboue bewoon.....	22

B. GEOKKUPEERDE BUITEGEBOUE:

Voorstad	Betrek gedurende 1966	Ontruim gedurende 1966	Bewoon 31.12.66
Arcadia	2	2	—
Brooklyn	1	—	1
Capital Park	3	2	1
Danville	2	—	2
Gezina	6	3	3
Goedehoop	3	1	2
Hatfield	1	—	1
Mayville	2	1	1
Parktown	1	—	1
Pretoria-sentraal	3	1	2
Pretoria-Wes	14	9	5
Rietfontein	7	4	3
Sunnyside	2	2	—
Villieria	3	—	3

Wonderboomsuid.....	7	4	3
Booysens.....	8	4	4
Claremont.....	11	4	7
Daspoort.....	12	6	6
Daspoort-landgoed.....	1	1	—
Mountain View.....	6	4	2
Pretoria Gardens.....	7	3	4
East Lynne.....	9	6	3
Erasmia.....	1	—	1
Pretoria-Noord/Wolmer.....	39	18	21
Silverton.....	2	1	1
TOTAAL.....	153	76	77

Die opsomming van buitegebou-bewoning vir die verslagjaar 1965 was:—

Getal betrek 146; getal ontruim 36; getal bewoon 110.

Daar moet egter geboekstaaf word dat die Afdeling weens werkdrukke en personeeltekort tot dusver nog nie daartoe in staat was om 'n gedetailleerde opname van erge slumeiendomme en bewoonde buitegeboue in al die onlangs ingelyfde gebiede uit te voer nie.

SLUMOPRUIMING IN NIEBLANKEGEBIEDE:

Die opruiming van slumwonings en ander onbevredigende soorte huisvesting in al die Nieblanke-woongebiede wat ingevolge die Wet op Groepsgebiede tot Blankegebiede geproklameer is, is weer eens suksesvol uitgevoer.

Hierdie gebiede wat die voorstede Lady Selborne, 'n gedeelte van Claremont, The Highlands en Eastwood insluit, sal in alle waarskynlikheid in die komende jaar opgeruim word. Daar word streng by die beleid gehou om alle slumeiendomme wat deur die Stadsraad in hierdie gebiede aangekoop word, te sloop nadat die okkuppeerders in die nuwe gebiede hervestig is.

HOFGEDINGE:

Soos in vorige jare en in ooreenstemming met die algemene beleid van die Afdeling het ons voortgegaan om die samewerking van die publiek te verkry liewer as om hofgedinge in te stel. Soos reeds vroeër gemeld, is geen Slumhofgedinge ingevolge die Slumswet ingestel nie. Dit was egter nodig om hofgedinge ingevolge die Slumsregulasies in te stel in die volgende gevalle:—

<i>Aard van Oortreding</i>	<i>Getal Aanklagte</i>
Toegelaat dat onbevredigende buitegebou vir bewoning deur Blankes gebruik word.....	1
Versuim om perseel in 'n behoorlike strukturele toestand te hou en van voldoende geriewe te voorsien.....	1

SLOPINGS EN OMSKAKELING VAN WOONPERSELE:

Heelwat aansoeke om toestemming om wonings te sloop of woonpersele vir besigheidsgebruik om te skakel, is ingevolge die bepalinge van die Wet op Behuising no. 4 van 1966, behandel.

As gevolg van optrede deur hierdie Afdeling het die eienaars van 47 eiendomme besluit om die verbeteringe op die eiendomme te sloop en is heelwat nuwe geboue daarna opgerig. Twee eienaars van eiendomme het dan ook hul persele omgeskakel en vir besigheidsdoeleindes aangewend.

Gedurende die jaar is 301 wonings en ander wooneenhede in die Blankegebiede gesloop. Slopings-permitte word nie vir besighede benodig nie, maar daar is aangedring dat sertifikate verkry word dat hierdie geboue knaagdier- en insektevry is, voordat met die sloping begin mag word. Soortgelyke sertifikate is ten opsigte van alle ander slopings en omskakelings uitgereik.

Besonderhede van aansoeke om wonings te sloop en omskakelings word in die volgende tabel verstrek:—

Aansoeke na Departement van Gemeenskapsbou verwys:

	<i>Getal wonings (5 of minder woonkamers elk)</i>	<i>Getal woonkamers betrokke</i>	<i>Permitte toegestaan</i>	<i>Permitte hangende</i>
Slopings.....	170	726	133	37
Omskakelings.....	14	53	10	4
TOTAAL.....	184	779	143	41

Let Wel: Bogenoemde syfers sluit nie aansoeke om heroorweging in nie.

Aansoeke vir Oorweging deur die Stadsraad:

	<i>Getal wonings (meer as 5 woonkamers elk)</i>	<i>Getal woonkamers betrokke</i>	<i>Magtiging verleen</i>	<i>Magtiging hangende</i>
Slopings.....	22	160	19	3
Omskakelings.....	1	6	1	—
TOTAAL.....	23	166	20	3

Die syfers wat in die tabelle hierbo verstrek is, sluit slegs aansoeke om die sloping van wonings in die Blankegebiede in.

Eiendomme wat deur die Stadsraad verkry word in die bestaande Nieblankegebiede wat tot Blankegebiede geproklameer is, word gesloop ingevolge die bepalings van die Wet op Groepsgebiede en kragtens magtiging wat deur die Minister van Binnelandse Sake verleen is. Die totale aantal huise wat reeds in die gebiede gesloop is, is soos volg:—

Lady Selborne/Claumont — 1394; Eastwood — 160; Eersterust — 74; The Highlands — 172.

STATISTIEK OOR SLUMVOORKOMING EN OPRUIMINGSWERK:

Besonderhede van slumopruimingswerk wat gedurende die verslagjaar onderneem is, is soos volg:

<i>Soort inspeksie</i>	<i>Getal persele</i>
Private wonings.....	1532
Geokkupeerde buitegeboue.....	467
Sloping van wooneenhede (voor en na permitte toegestaan is).....	470
Omskakeling van wooneenhede (voor en na permitte toegestaan is).....	24
Wonings in gebiedsopnames.....	1517
Klagtes ondersoek.....	382
Herinspeksie van persele.....	1846
Ouetehuse.....	13
Crèches en kleuterskole.....	195
Diverse inspeksies.....	210
Na-uurse inspeksies.....	6
TOTAAL.....	6662

Besonderhede van optrede na bogenoemde inspeksies en ondersoeke, is soos volg:—

Kennisgewings bestel:

Verbod op okkupasie.....	73
Oorbewoning.....	47
Strukturele herstelwerk en opknappings.....	98
Bad-, was- en kookgeriewe.....	33

TOTAAL..... 251

Mondelinge waarskuwings en advies gegee.....	2547
Briewe gerig (aanmanings, verlengings, besonderhede van werk vereis, ens.).....	274
Aangeleenthede na ander Afdelings verwys.....	36
Onderhoude met lede van die publiek.....	2823

TOTAAL..... 5680

Totale getal oortredings waarmee gehandel is..... 2798

Totale getal kennisgewings en aanmanings waaraan voldoen is..... 2609

KLEUTERSKOLE, CRÈCHES EN OUETEHUISE:

Daar is nog 'n ernstige tekort aan inrigtings van hierdie aard met die gevolg dat heelwat navrae en aansoeke gedurende die verslagjaar behandel is.

Die meeste aansoeke wat voorgelê is, was in verband met private woonhuise wat die aanvraers wou omskakel en aanpas vir gebruik as inrigtings van hierdie aard. Die stigting van sulke inrigtings moet aangemoedig word, maar terselfdertyd moet sorg gedra word dat private wonings wat nie aan toepaslike standaarde voldoen nie, nie vir sulke doeleindes gebruik word nie. Die ontwerp van baie woonhuise wat aanvraers vir sulke doeleindes wil gebruik, gee aanleiding tot talryke probleme om aan die vereiste standaarde te voldoen en baie aanvraers het nadat hulle daarvan in kennis gestel was, besluit om nie met hul skemas voort te gaan nie.

NIEBLANKEGEBIEDE:

Personeel:

Die Personeel van hierdie Seksie bestaan uit:

- 1 Afdelingsgesondheidsinspekteur.
- 2 Gesondheidsinspekteurs (een vakature).
- 6 Nieblanke Gesondheidsinspekteurs (vyf vakatures).

Met die geweldige uitbreiding van die Indiërvorstad, Laudium, en die heersende toestande in die Asiatebuurt, behoort dit oorweeg te word om binne afsienbare tyd 'n Indiërgesondheidsinspekteur aan te stel wat hom by intensiewe gesondheidswerk in die Asiatiese gebiede sal bepaal.

Een Bantoesondheidsinspekteur is in die Atteridgeville/Saulsville-gebied werksaam en die poste in die ander Bantoegebiede is vakant as gevolg van 'n tekort aan Gesondheidsinspekteurs.

Voorsiening vir kantoorgeriewe vir die Bantoesondheidsinspekteurs is in die administratiewe geboue van die Stadsraad se Afdeling Nieblankesake in die betrokke Bantoegebiede gemaak.

Al hierdie amptenare is onder die toesig van die Afdelingsgesondheidsinspekteur wat toesig hou oor al die werksaamhede in die Stadsraad se Nieblankedorpsgebiede.

BANTOEDORPSGEBIEDE:**1. Lady Selborne en Claremont (Erwe 1—36):**

Hierdie mees onbevredigende gebiede is as Blankegebied verklaar en daar is op groot skaal 'n aanvang gemaak met die hervestiging van die inwoners in Mamelodi en Eersterust, wat binne die munisipale gebied geleë is en in Ga Rankuwa buite die munisipale gebied, wat deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling beheer word. Huise is tans by Ga-Rankuwa beskikbaar, maar as gevolg van 'n watertekort is die hervestiging vertraag. 'n Pyplyn vir water word tans na die betrokke woonbuurt aangelê en nader voltooiing. Die volgende aantal gesinne kwalifiseer vir hervestiging in:—

Ga-Rankuwa.....	1800
Mamelodi.....	300
Onwettiges.....	Geen

Die algehele hervestiging en opruiming van hierdie gebied sal gedurende 1967 afgehandel word. Behalwe die Bantoes in hierdie gebied is daar nog 'n aantal Sjinese en Indiërhandelaars wat hervestig sal moet word.

2. Atteridgeville/Saulsville:

Gedurende die jaar is veertien nuwe huise gebou en daar is nog 'n aantal leë boupersele wat beskikbaar is aan persone in die hoër inkomstegroep wat hulle eie huise oprig.

Die lewenstandaard van die inwoners van hierdie Bantoe woonbuurt is die hoogste van al die Bantoe woonbuurtes in Pretoria. Feitlik al die kinders woon skole by en dit is opvallend hoe skoon hulle kleredrag is en hoe besonder skoon hulle op hulself is. Wonings is vergroot en sekere is gemoderniseer en sindelikhed by wonings is oor die algemeen van 'n hoë standaard.

Die samewerking van die handelaars en inwoners was goed en dit was nie nodig om enige geregtelike stappe as gevolg van gesondheidsoortredings te doen nie.

Getal huise 1965.....	9804
Getal huise 1966.....	9818
Vermeerdering.....	14

3. Laudium:

Hierdie Indiërdorpsgebied is suidwes van Pretoria geleë en ontwikkel vinnig. Die huise wat deur privaat persone opgerig word, vergelyk goed met die modernste wonings in die mees vooraanstaande woongebiede in Pretoria. In die afgelope jaar het die Stadsraad 574 huise opgerig en 116 huise is deur privaat persone gebou. 'n Moderne pottelbakkerie, klerefabrieke en 'n motorhawe doen goeie sake. Daarbenewens is 'n nuwe poskantoor sowel as 'n moderne bioskoopzaal ook gedurende die jaar opgerig en in gebruik geneem.

Pragtige tuine is by die woonhuise aangebring en al die strate is geteer. Die skole wat tans beskikbaar is, is vol en daar sal in die nabye toekoms bykomende skole opgerig moet word.

As gevolg van die mooi samewerking van die inwoners was dit nie nodig om enige geregtelike stappe te doen nie en net 'n geringe aantal kennisgewings is gedurende die jaar bestel.

Getal huise 1965.....	566
Getal huise 1966.....	690
Vermeerdering.....	124
Huise in aanbou.....	80

4. Asiatebuurt en Kleurlinglokaasie:

Hierdie Nieblankegebiede is na aan die sentrale gedeelte van die stad geleë en is in 'n uiters slegte toestand, as gevolg van defektiewe strukturele toestande, oorbewoning, gebrek aan wasgeriewe en 'n ou en uitgediende rioolstelsel.

Die Departement van Gemeenskapsbou het hierdie gebied by die Stadsraad oorgeneem en is van voorneme om dit te herbeplan.

5. Eersterust:

Hierdie gebied, uitsluitlik vir Kleurlinge, is oos van die stad en aangrensend aan Mamelodi geleë. 'n Groot gedeelte van die gebied is van riolering voorsien en stadswater is by al die persele aangebring.

'n Winkelkompleks wat aan al die gesondheidsvereistes voldoen, is deur die Stadsraad gedurende die jaar opgerig en 'n nuwe kinderhawe is ook voltooi en in gebruik geneem.

'n Aantal Sjinese handelaars doen nog besigheid en is in die gebied woonagtig. Hierdie mense sal mettertyd hervestig word.

Getal huise 1965.....	480
Getal huise 1966.....	890
Vermeerdering.....	410

6. Mamelodi:

Hierdie Bantoe woonbuurt ontwikkel teen 'n geweldige tempo en die oorsaak hiervan is die hervestiging van gesinne uit die gebiede wat Blank verklaar is.

Die sanitêre en vullisverwydering word uitgevoer deur die Afdeling Nieblankesake. Hierdie diens is tans in 'n mate onbevredigend, maar sal in die nabye toekoms verbeter, aangesien 'n groot gedeelte van riolering voorsien is en die oorblywende gedeelte in die volgende jaar afgehandel sal word. Die rioolplaas naby Baviaanspoort is voltooi en funksioneer bevredigend.

Gedurende die jaar was dit nodig om sekere van die inwoners en handelaars te dagvaar vir gesondheidsmisstande.

Besigheidspersele word gereeld besoek en 'n groot aantal huis-tot-huis-besoeke is uitgevoer. Die neiging van die inwoners om hoenderhokke of ander ongeoorloofde strukture op te rig en persone daarin te huisves, bestaan nog. Hierdie onreëlmatigheid is onder die aandag van die Afdeling Nie-blankesake gebring en 'n groot aantal is alreeds gesloop.

'n Groot aantal van hierdie inwoners het nog intensiewe gesondheidsvoorligting nodig. Dit kan alleenlik bevredigend gedoen word wanneer die personeeltekort nie meer bestaan nie.

Getal huise 1965.....	12247
Getal huise 1966.....	13004
Vermeerdering.....	757

7. Eastwood:

Hierdie woonbuurt is ook as Blankegebied verklaar en 'n groot aantal van die inwoners is in ander Nieblankewoonbuurte gehuisves.

Die volgende aantal Bantoes gesinne kwalifiseer vir hervestiging in:—

Ga-Rankuwa.....	162
Boekenhoutfontein.....	3
Themba.....	1

Twee-en-dertig grondeienaars, wat nog op vergoeding wag en wat nog binne die gebied woon, sal self 'n heencome elders vind. Veertien gesinne, hoofsaaklik ongeoorloofde buitelanders, kwalifiseer nie vir hervestiging nie.

Behalwe die bogenoemde Bantoes is daar nog 'n klein aantal Oosterlinge wat bedrywe beoefen en hulle sal ook mettertyd hervestig word.

8. The Highlands en Newlands:

Hierdie gebied is naby Eastwood geleë en is ook as Blankegebied verklaar. Die inwoners is feitlik almal hervestig met die uitsondering van die volgende:

Kleurlinge.....	15 siele
Indiërs.....	20 siele
Sjinese.....	2 siele

Getal huise gesloop 1966:

Lady Selborne.....	1394
The Highlands en Newlands.....	170
Eastwood.....	160

BYDRAE DEUR DIE DIREKTEUR VAN NIEBLANKESAKE: NIEBLANKEBEHUISINGSEKSIE

1. Atteridgeville:

Vierhonderd vyf-en-sewentig morg groot en word as een van die beste Bantoe dorpe in die Republiek beskou. Atteridgeville is in 1939 gestig; R819,724 is aan die oprigting van 1,532 wonings en R494,178 aan die ontwikkeling van die gebied en dienste bestee.

Daar is twee-, drie-, vier-, en vyfvertrekhuise wat onder die nuwe beleid op 'n ekonomiese grondslag of aan die bewoners verkoop of verhuur is.

Afgesien van sulke dienste soos waterriolering en vuilgoedverwydering, is daar 'n uitstekende kliniek onder toesig van gekwalifiseerde geneesher en opgeleide verpleegsters.

Die inwoners het uitstekende sportgeriewe en daar word vir die meeste sportsoorte voorsiening gemaak.

2. Lady Selborne:

Dit is 'n Bantoe dorp met eiendomsreg wat die Raad by die voormalige Herculesmunisipaliteit ingelyf het. Die gebied is oorspronklik in 1903 of in 1905 aangelê en het uit 400 erwe bestaan. As gevolg van die ontwikkeling en uitbreiding van Pretoria is hierdie erwe in so 'n mate onderverdeel dat daar nou 1744 erwe is en die huidige bevolkingsyfer is ongeveer 12165.

Alle eiendomme is deur die Raad onteien en 1303 erwe is reeds op naam van die Stadsraad geregistreer. Meer as 4500 gesinne is na die Atteridgeville- en Mamelodi-dorpsgebiede en na die Bantoe-tuislande verskuif. Daar word voorsien dat alle inwoners in die nabye toekoms hervestig sal wees.

Daar is 'n ontspanningsaal, kliniek en crèche in die gebied, benewens 'n moderne kraaminrigting wat deur die Rooms-Katolieke Kerk beheer word.

NUWE SKEMAS:

3. Mamelodi:

Daar is tot datum 12,227 viervertrekhuise in die Mamelodi-Oos-(Vlakfontein) en -Wesgebiede voltooi.

Daarbenewens is die volgende geboue opgerig: 18 skole, 83 winkels, gemeenskapsentrum, biersaal, bioskoop, poskantoor, administratiewe blok, 4 crèches, kliniek, doktersspreekkamers, skrynwerkers-winkel, 'n kraaminrigting en 'n polisie-stasie.

'n Sportterrein is aangelê en 'n pawiljoen is opgerig.

Die gebied ontwikkel gestadig en voorrang word aan die voorsiening van elektrisiteit, riolering, padbou, en stormwaterdreineringsverleen.

Bevolkingsyfer — 86,520.

4. Atteridgeville/Saulsville:

Agtduisend tweehonderd vier-en-veertig viervertrekhuise is tot datum in die Atteridgeville/Saulsvillegebied voltooi.

Benewens 'n biblioteek, polisiestasië, poskantoor, administratiewe blok, 4 crèches, 'n ontspanning-saal, 'n bioskoop, 'n kliniek, 'n begrafnisondernemingsaak en 'n moderne droogskoonmakery is daar 20 skole en 80 winkels.

Die gebied ontwikkel volgens plan met die klem op rioolnetwerke, elektrisiteits- en waterdienste, padbou en stormwaterdreinerings.

5. Enkelkwartiere (Hostel):

(a) Saulsville:

339 Hosteleenhede vir die huisvesting van 6,400 persone is gebou en elektrisiteit is voorsien. Die gebied is gerioleer. Elke eenheid het gemeenskaplike warmwaterstortbaddens en 'n kombuis met elektriese warmplate vir kookgeriewe. Die maandelikse huur is R2.00. Ongeveer 6400 enkelopende Bantoes word tans gehuisves.

(b) Mamelodi:

Hosteleenhede vir die huisvesting van 4832 persone is voltooi. Soortgelyke geriewe as in die Saulsvillehostel word voorsien.

6. Algemeen:

Die geëlektrifiseerde spoorwegdiens na die Atteridgeville/Saulsville- en Mamelodigebiede verloop bevredigend.

7. Laudium:

Laudium is die nuwe gebied vir Asië. Seshonderd en vier huise is deur die Raad, en 166 deur private eienaars gebou. Alle noodsaaklike dienste word verskaf.

Daarbenewens is administrasiekantore, 'n kliniek, 'n poskantoor en 4 winkels opgerig.

8. Kleurlinggebied:

Ingevolge die Wet op Groepsgebiede is 'n gedeelte van die plaas Derdepoort 469 en 'n gedeelte van die bestaande dorpsgebiede Eersterust en Despatch, wat ongeveer 800 morg beslaan, tot 'n gebied vir bewoning deur lede van die Kleurlinggroep geproklameer.

Driehonderd vyf-en-sestig ekonomiese en 524 subekonomiese huise is deur die Raad en 4 deur private eienaars opgerig en alle noodsaaklike dienste word verskaf.

'n Gemeenskapsaal is voorsien en 'n begraafplaas is aangelê.

Administrasiekantore en 'n kliniek is voltooi en 'n winkelgebou is opgerig.

VERVOLGINGS:

Aard van oortreding	Totale getal vervolgings	Getal skuldig bevind	Getal onskuldig bevind	Getal terug- getrek	Getal gewaarsku- en ontslaan	Boetes opgelê
Versuim om aan kennisgewing te voldoen.....	29	15	—	2	12	R99.00
Versuim om bouerslatrines te verskaf.....	7	5	—	2	—	R60.00
Versuim om perseel skoon en netjies te hou.....	2	2	—	—	—	R30.00
Versuim om gebak tydens aflewering te bedek.....	1	1	—	—	—	R4.00
Bederfde eetware te koop aangebied.....	1	1	—	—	—	R20.00
Vlieëbroeiery op perseel.....	1	—	—	—	1	—

ALGEMENE INLIGTING: SLEGS NUWE WOONBUURTES

	Atteridgeville	Mamelodi	Laudium	Eersterust
Bevolking: 1.....	60668	86137	4140	4500
2 Tehuis.....	6783	4832	—	—
Woonhuise:				
(a) Bewoon.....	9818	13004	690	890
(b) Onbewoon.....	—	—	—	—
(c) In aanbou.....	—	—	80	—
Plekke van Aanbidding.....	37	35	—	4
Skole.....	20	25	2	2
Biersale.....	3	4	—	—
Biersaaldepots.....	4	—	—	—
Drankwinkels.....	2	3	—	—
Motorhawens.....	1	—	1	1
Kinderhawens.....	4	4	—	1
Tehuise.....	1	1	—	—
Administratiewe Geboue.....	1	1	1	1
Ouetehuise.....	1	1	—	—
Bioskope.....	1	1	1	—
Gemeenskapsentra/sale.....	3	2	1	1
Kwekerye.....	—	1	—	—

STATISTIESE OPGAWE VIR ALLE NIEBLANKEGEBIEDE:

A. Opsomming van inspeksies in die Nieblankegebiede gedurende die jaar:

Oorlaste waarmee handel is.....	10557
Kennisgewings waaraan voldoen is.....	714
Aansegings waaraan voldoen is.....	9652
Kennisgewings bestel.....	905
Aansegings gegee.....	9652
Herinspeksies.....	4228
Klagtes ondersoek.....	17
Lisensieaansoeke.....	650
Persele waar diere/pluimvee aangehou word.....	454
Slaghuisse.....	1341
Vis- en pluimveehandelaars.....	204
Bakkers en banketbakkers.....	—
Algemene handelaars (eetware).....	1715
Algemene handelaars (nie eetware nie).....	621
Restourante, teekamers en eethuisse.....	1736
Varsproduktehandelaars.....	806
Melkdepots en melkwinkels.....	65
Marskramerpakkamers.....	305
Varsprodukte- en roomyskarretjies.....	52
Afleweringervoertuie (vleis, melk, vis, brood).....	479
Bioskope en openbare sale.....	13
Huisinspeksies.....	905
Haarkappers.....	153
Washuisse en wasserye.....	8
Fabrieke en werkwinkels.....	68
Tydlike bouerslatrines.....	202
Bewoonde buitegeboue.....	2
Besoekke buite ure (vroegoggend-inspeksies).....	54
Bantoehostels.....	907
Sake wat na ander Afdelings verwys is.....	11
Verstopte riole/defektiewe wateraansluitings.....	1797
Ongemagtigde geboue.....	49
Strukturele gebreke aan geboue.....	465
Ander sake.....	—
TOTAAL.....	17307

Opmerkings:

Hierdie syfers is nie by verslae in verband met Blankegebiede ingesluit nie.

B. PLAAGBEHEER:

Die onderstaande is 'n opsomming van die werk wat in verband met plaagbeheer in die Nieblankegebiede gedoen is:—

Knaagdiere:

1. Klagtes ondersoek.....	12
2. Persele geïnspekteer en advies gegee.....	591
3. Kennisgewings en aansegings om lokvalle of gif te gebruik.....	422
4. Kennisgewings bestel waarin vereis word dat persele knaagdierveilig gemaak word..	105
5. Kennisgewings bestel ingevolge 3 en 4 hierbo waaraan voldoen is.....	90
6. Bestaande geboue knaagdierveilig gemaak.....	—
7. Nuwe knaagdierveilige geboue voltooi.....	—
8. Vervolgings weens versuim om regulasies na te kom.....	2
9. Ophoping van rommel of hout wat moontlik knaagdiere kan huisves, skoongemaak of verwyder.....	208
10. Getal knaagdiere gedood of as dood gerapporteer.....	1043
11. Rotvrye diervoedingsbakke voorsien.....	—
12. Sake na Plaagbeheer verwys.....	—
13. Sake in verband met knaagdierbeheer na ander Afdelings verwys.....	—

Muskiete:

1. Klagtes ondersoek.....	1
2. Inspeksies gedoen.....	14
3. Kennisgewings bestel en aansegings gegee.....	20
4. Kennisgewings onder (3) waaraan voldoen is.....	—
5. Vervolgings weens versuim om regulasies na te kom.....	—
6. Broeiplekke uitgeskakel.....	5
7. Advies in verband met muskietbeheer gegee.....	—
8. Soorte muskiete gevind.....	—

Vlieë:

1. Klagtes ondersoek.....	2
2. Inspeksies gedoen.....	136
3. Kennisgewings en aanseggings gegee.....	63
4. Kennisgewings onder (3) hierbo bestel, waaraan voldoen is.....	3
5. Vervolgings weens versuim om regulasies na te kom.....	1
6. Broeiplekke uitgeskakel.....	63
7. Advies in verband met vlieëbeheer gegee.....	63

C. BOUPLANNE:

Vyfhonderd drie-en-sestig planne vir veranderings, aanbouings en nuwe geboue in die Nieblanke-gebiede is gedurende die jaar ondersoek.

D. GELISENSIEERDE PERSELE:

	<i>Mame- lodi</i>	<i>Asiate- buurt</i>	<i>Eerste- rust</i>	<i>Lady Selborne</i>	<i>Clare- mont</i>	<i>Atte- ridgeville</i>	<i>Lau- duim</i>
Bakkers en banketbakkers.....	—	1	—	—	—	—	—
Biljartsalonne.....	—	2	—	—	—	—	—
Slagters.....	10	8	4	15	3	10	1
Steenkoolagentskappe.....	8	—	—	—	—	7	—
Skoenmakers.....	2	10	—	4	—	2	—
Fietshandelaars.....	3	16	1	3	—	3	—
Varsproduktehandelaars.....	5	47	1	7	4	5	1
Vishandelaars.....	—	2	—	—	—	—	—
Algemene handelaars (lewensmiddele uitgesluit).....	13	50	—	—	—	1	—
Haarkappers.....	3	8	—	2	—	2	—
Marskramers, venters.....	1	84	1	16	—	5	18
Droogskoonmakers en wasserye.....	—	5	—	—	—	1	—
Melkdepots.....	8	2	—	1	—	5	1
Koeldrankhandelaars.....	—	10	—	—	—	—	—
Bantoe-eethuise.....	6	1	3	23	—	2	—
Lewensmiddelehandelaars.....	14	64	6	40	6	22	2
Teaters.....	1	3	—	—	—	1	1
Kleremakers/sters.....	2	5	—	—	—	3	—
Begrafnisondernemers.....	3	—	—	1	—	1	—
Werkwinkels/Handelaars in motor- onderdele.....	3	6	1	—	—	1	2
Restourante en teekamers.....	8	36	1	2	4	13	1
Kruiedokters.....	3	1	—	—	—	—	—
Handelaars in tweedehandse goedere	—	1	—	—	—	—	—
Roomysdepots.....	—	—	—	—	—	1	—
Fabrieke.....	—	—	—	—	—	—	3

BEHUISING EN REHABILITASIE VAN BLANKES

1. ALGEMENE BEHUISINGTOESTAND:

Teen die einde van 1966 het die Stadsraad van die volgende behuisingkemas besit:

A. Danville:

<i>Skema</i>	<i>Getal huise</i>	<i>Maandelikse huurgeld paaient</i>
(a) Subekonomies.....	200	R1.60—R19.45
(b) Ultra-laekoste-ekonomies.....	200	R29.85—R31.27
(c) Omgeskakelde ekonomies.....	300	R20.00—R22.00
(d) Laekoste-ekonomies.....	100	R19.00—R35.00
(e) Ekonomies.....	100	R21.64—R40.94
(f) Ekonomies (dubbelverdiepings).....	50	R37.15—R39.90
(g) Ouethuise.....	57	R12.95
(h) Subekonomies (uitbr. 2).....	93	R14.70—R31.25

B. Proclamation Hill:

(a) Subekonomies.....	96	R4.50—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	103	R20.00—R22.00

C. Hercules:

(a) Subekonomies.....	57	R2.40—R5.67
(b) Ekonomies.....	57	R25.00—R32.00
(c) Ouethuise (subekonomies).....	12	R3.00
(d) Nasionale Behuisingkema.....	4	± R30.00
(e) Subekonomies (nuwe skema).....	100	R18.00—R34.00

D. Buiteliggende woongebiede:

(i) <i>Nieu-Muckleneuk:</i>		
(a) Subekonomies.....	23	R3.50—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	23	R20.00—R22.00
(ii) <i>Villieria:</i>		
(a) Subekonomies.....	4	R5.45—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	66	R20.00—R22.00
(c) Ouethuise.....	60	R15.15
Opmerking. —Skema (c) is gedurende 1966 voltooi.		
(iii) <i>Rietfontein:</i>		
(a) Subekonomies.....	11	R4.85—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	9	R20.00—R22.00
(iv) <i>Wonderboomsuid:</i>		
(a) Subekonomies.....	11	R4.85—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	16	R20.00—R22.00
(v) <i>Mayville:</i>		
(a) Subekonomies.....	3	R4.85—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	5	R20.00—R22.00
(vi) <i>Pretoria-Wes:</i>		
(a) Subekonomies.....	11	R3.50—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	3	R20.00—R22.00

Die genoemde omgeskakelde skemas was oorspronklik subekonomiese skemas wat in die loop van tyd na ekonomiese skemas omgeskakel en verkoop is.

(vii) <i>Hercules- en Mootgebied:</i>		
Ekonomies (voorheen Herculeskemas).....	97	R13.00—R22.00
(viii) <i>Gebiede Nieu-Muckleneuk en Capital Park:</i>		
Ekonomies.....	50	± R47.00
(ix) <i>Gebiede Danville en Pretoria-Wes (woonstelle):</i>		
(a) Danville-woonstelle (dié is almal tweekamerwoonstelle).....	18	R16.00—R17.00
(b) Pretoria-Wesgebied (Groenveldwoonstelle).....	30	R18.00—R37.00
(x) <i>Gebiede Moot en Eloffsdal:</i>		
(a) Ouethuise.....	84	R15.15
Opmerkings. —Skema (a) is gedurende 1966 voltooi.		

E. Tentoonstellingsterrein:

Daar was oorspronklik 99 ekonomiese huise wat met ingang van 1 Julie 1964 na subekonomiese huise omgeskakel is. In die loop van 1965 en 1966 is die huurders na ander behuisingkemas en al die eenhede is gesloop.

F. Sentraal, Goedehoop en ander voorstede:

As gevolg van die beplanning van nuwe snelweë en ander padbouwerke was die Raad verplig om verskeie eiendomme vir hierdie doel aan te koop. 'n Groot aantal eiendomme is reeds aangekoop.

In sommige gevalle waar die wonings nie ekonomies herstel kan word nie, word hulle gesloop.

Benewens die padbouprogram word algehele herbeplanning van die Goedehoopgebied ook in die vooruitsig gestel.

In die bogemelde gebiede verhuur die Raad tans die volgende eiendomme wat uiteindelik gesloop sal word:—

(a) Sentraal en ander voorstede.....	207	R28.00—R44.00
(b) Goedehoop.....	84	R12.00—R40.00
(c) Woonstelle — sentrale gebied (nege blokke woonstelle bestaande uit 122 woonstelle, 78 enkel- en dubbelkamers)....	122	R12.00—R43.00
(d) Maandelikse huurgeld vir enkel- en dubbelkamers.....	—	R8.00—R19.00

G. Riverside en Despatch:

Na aanleiding van die herbeplanning ingevolge die bepalings van die Wet op Groepsgebiede, het die Raad 'n groot aantal eiendomme aangekoop en op die oomblik word die volgende getal eenhede verhuur:—

(a) Riverside.....	6	R10.00—R13.00
(b) Despatch.....	7	R14.00—R18.00

H. Silverton:

(i) *Ekonomiese huise:* 502

Hierdie huise is almal deur individuele eienaars onder die Individuele Behuisingsleningskema opgerig.

Die maandelikse terugbetalings wissel van R15.00 tot R27.00, na gelang van die grootte van die huis en die bedrag wat onder die leningskema geleen is.

(ii) *Diverse eiendomme:*

Hierdie huise is vir sekere munisipale projekte aangekoop en word tans verhuur teen huurgelde wat van R5.00 tot R35.00 per maand wissel.

(iii) *Woonstelle:*

Een blok woonstelle, bekend as die "J. J. BOSMANHUIS", bestaan uit 57 twee- en driekamerwoonstelle wat teen 'n huurgeld van R23.00 tot R34.00 per maand verhuur word. Daar is ook 18 garages wat teen R2.00 elk per maand verhuur word.

I. PRETORIA-NOORD:

Ekonomiese huise: 226.

Soos in die geval van Silverton is hierdie huise ook opgerig ingevolge die Individuele Behuisingsleningskema en die maandelikse paaielemente wissel van R17.00 tot R27.00.

2. AANSOEKE ONTVANG OM BEHUISTING:

Gedurende die loop van die jaar is 1,545 aansoeke om behuising ontvang. (Dit is 198 meer as in die loop van die jaar geëindig 31 Desember 1965.) 'n Groot aantal aanvraers is gehuisves terwyl dié wat nie onmiddellik gehuisves kon word nie, na ander huise getrek het.

Waglyste vir goedgekeurde huurders of kopers kragtens die verskillende skemas word gehou en sodra 'n huis beskikbaar is, word dit aan die persoon wie se naam volgende op die besondere lys verskyn, aangebied.

3. BEHUISINGSKEMAS IN AANBOU:

Eenhonderd-en-vier ekonomiese woonstelle te Proclamation Hill-uitbreiding no. 1.

4. VOORGESTELDE SKEMAS:

In ooreenstemming met die Raad se beleid om behuising in die 1966/67-boekjaar te verskaf:—

<i>Skema</i>	<i>Gebied</i>	<i>Getal huise</i>	<i>Beraamde koste</i>
1. Ekonomiese huise.....	Hercules.....	80	R349,650
2. Ekonomiese huise.....	Danville.....	208	R993,720

SUIWELSEKSIE

A. BESONDERHEDE VAN LISENSIES WAARMEE GEHANDEL IS:

	<i>Nuut</i>	<i>Oorgedra</i>	<i>Gestaak</i>	<i>Geweier</i>	<i>Toe- of afname</i>
Produsente.....	38	10	27	—	+11
Produsent-verspreiders.....	—	—	—	—	—
Verspreiders.....	—	—	2	—	- 2
Melkwinkels.....	3	2	—	—	+ 3
TOTAAL.....	41	12	29	—	+12

Gedurende die jaar het die getal melkerye met 12 toegeneem.

B. LIGGING VAN PERSELE:

	<i>In Mun. gebied</i>	<i>Binne 10 myl</i>	<i>11-25 myl</i>	<i>26-50 myl</i>	<i>51-75 myl</i>	<i>76-100 myl</i>	<i>101-150 myl</i>	<i>151-200 myl</i>	<i>Verder as 200 myl</i>	<i>To-taal.</i>
Produsente.....	18	37	92	110	61	35	121	34	1	509
Produsent-verspreiders.....	4	2	—	—	—	—	—	—	—	6
Verspreiders.....	111	—	—	—	—	—	—	—	—	111
Melkwinkels.....	397	—	—	—	—	—	—	—	—	397
TOTAAL.....	530	39	92	110	61	35	121	34	1	1023

C. VERVOER VAN MELK:

Melk word gewoonlik in melkkanne deur middel van spoor- of padvervoer van die melkeryplase na die stad vervoer. Minstens 90% van die grootmaatlewering word deur middel van motorvoertuie, en die res per spoor vervoer. Beide metodes is uit 'n ekonomiese en higiëniese oogpunt nie ideaal nie. Hoewel die Melkraad en die meeste van die produsente 'n skema vir grootskaalse versameling en vervoer van melk goedgekeur het, kon die inwerkingstelling daarvan nie gedurende die jaar plaasvind nie as gevolg van die ernstige droogte en ander redes in verband daarmee. Dit is te betreur, maar aangesien toestande gedurende die tweede helfte van die jaar geweldig verbeter het weens die deurdringende reën, word daar gehoop dat die grootskaalse versameling en vervoer van melk vroeg in die komende jaar in sekere van ons produksiegebiede verwesenlik sal word. Aflewering van verwerkte melk en melkprodukte binne die Stad sowel as in die omliggende buitestedelike gebiede geskied deur middel van oordekte vragmotors, afleweringstietse, driewielmotors, elektriese melkkarretjies en spesiaal vervaardigde kragtietse en bromponies. Hierdie verskillende metodes van aflewering laat veel te wense oor en in afwagting van ondersoek, word daar verwag dat die aflewering van verwerkte melk en melkprodukte in en buite die stad in die toekoms deur middel van geïsoleerde of koelvoertuie sal geskied.

D. GEMIDDELDE DAAGLIKSE PRODUKSIE EN VERBRUIK VAN MELK:

1. Produksie:

(a) Produsente.....	33,193 gelling
(b) Gesertifiseerde roumelkprodusente.....	576 gelling
TOTAAL.....	33,769 gelling

2. Verbruik:

